

KERKBODE

Streeksinodes:

Vier van die NG Kerk se nege sinodale streke het in Oktober sinodevergaderings gehou

bl 3



bl 29



bl 28



bl 26



bl 8

‘Hoor ons noodkreet’

ELMARIE JOOSTE

Bediening op die platteland was die fokus van een van die wegbreekessies tydens Noordelike Sinode se sinodesitting. Die interaktiewe gesprek is gelei deur dr Tinus Benade van Thabazimbi, met bydraes deur Hannes Peens (Marken), Stefan Hoffman (Levubu), Arnold Smith (Swartwater), Erick Mulder (Vivo/Alldays), Sonika Kruger (Petronella) en Bianca Steyn (Marikana).

Benade het die gesprek ingelei met ’n skerp kontras: Hoewel 92% van die Noordelike Sinode se gemeentes in Gauteng geleë is en slegs 8% op die platteland, beslaan die platteland na raming 92% van die sinode se geografiese gebied. Gauteng beslaan die oorblywende 8%.

Hy het verteenwoordigers uit plattelandse gemeentes genooi om te vertel wat lidmate tans ervaar.

Gemeenskappe onder druk

Steyn van Marikana het vertel hoe mynbedrywighe die omgewing

verander. Namate myne grond opkoop, word mense in die distrik gedwing om elders woon- en leefruimte te vind. Dit het volgens haar ’n direkte uitwerking op die gemeente.

Kruger van Petronella het beskryf hoe die opdroog van die Apiesrivier boerdery in die distrik raak. Die samestelling van die gemeente het gevolglik verander: van ’n hoofsaaklik boeregemeenskap na ’n gemeenskap wat toenemend uit plotbewoners en bywoners op plase bestaan.

Mulder van Alldays/Vivo het lidmate se belewenis in sy streek met een woord opgesom: “plundering”. Volgens hom kan die misdaad wat hulle ervaar nie bloot as diefstal, huisbraak of minder ernstige misdaad beskryf word nie. Dit is ontwrigtend, verlammend en bedreigend, en sluit strooptogte en gewapende rooftogte in.

Hoffman van Levubu het dié beskrywing beaam. Verteenwoordigers uit albei streke het beklemtoon dat die gevolge verder strek as ’n afname in omset: Die ervarings laat lidmate getraumatiseer.



Die sinode groet ds Paul Grobler wat na elf jaar lojale diens as predikant in sinodale diens einde Oktober emeriteer. Hy het as direkteur van die Noordelike Sinode ’n dinamiese impak op die lewe van hierdie sinode gehad. Sy gesin het by die vergadering aangesluit vir ’n afskeidseremonie.

Smith van Swartwater het bygevoeg dat plaasmoorde en die langdurige onsekerheid oor grondbesit mense se hele bestaan onder druk plaas. Lidmate wat onder hierdie omstandighede leef, het volgens hom ’n dringende behoefte aan pastorale hulp en versorging.

“Hoor ons”

Die openhartige terugvoer het die deelnemers in stilte gelaat. Sommige het sigbaar emosioneel geraak. “Ons het nie besef dat dit so erg is nie,” was die reaksie uit die groep.

Benade het daarna gevra wat die sinode en die breër kerkfamilie kan doen om te help. Die streekverteenvoerders se antwoord was eensgesind:

“Hoor ons. Hoor ons lidmate se noodkreet. Erken ons ervarings. Gee om vir wat op die platteland gebeur.”

Hulle het gevra dat die kerk kennis neem van plattelandse gemeentes se besondere uitdagings en omstandighede, en erken dat bediening op die platteland anders lyk as bediening in stedelike gebiede.

Die gesprek het die noodsaak van aandagtige luister en doelgerigte pastorale ondersteuning onderstreep. Plattelandse gemeentes vra nie dat ander namens hulle praat nie, maar dat die kerkfamilie hulle hoor, hulle werklikheid erken en saam met hulle na toepaslike ondersteuning soek.

Elmarie Jooste is kommunikasiebeampte van die Noordelike Sinode.

Oostelike sinode: Dié sinode vergader ‘doelbewus anders’

Ds Hardus van Niekerk (ondervoorsitter) en ds Maartje van der Westhuizen (voorsitter) is op Donderdag 15 Oktober, die eerste dag van die NG Kerk Oostelike Sinode se sinodevergadering, as hulle nuwe leierskap verkies. **Annabelle Lombard** berig sowat 186 afgevaardigdes uit ’n totaal van 199 was hiervoor saam by die NG Gemeente Pierre van Ryneveld in Pretoria.

Die nuwe voorsitter is die eerste vrou en een van die jongste predikante nog om tot hierdie sinode se Sinodale Diensraad in hierdie amp verkies te word. Sy is van die NG Gemeente Elarduspark en dien ook tans as assessor op die Algemene Sinode Moderamen. Die ondervoorsitter is predikant van Middeburg-Suid.

Dr Johan Botha het in sy verwelkoming gesê hierdie sinode wil doelbewus anders verander. “Minder papierwerk en debat, meer luister en gebed,” het die uitvoerende amptenaar van hierdie streeksinode bygevoeg. “Ek sien uit na kosbare geestelike toerusting wat ons na ons gemeentes kan terugneem. Ek is opgewonde oor die manier waarop ons taakspanne, onder leiding van die Heilige



Gees, saam oor die toekoms van ons diens aan gemeentes gaan nadink,” het hy gesê.

Dag een was geanker in twee Skrifgedeeltes: Johannes 13 en Handeling 15 wat die afgevaardigdes uitdaag om ’n handdoek op die tafel op te tel as simbool van diensbaarheid, en te vra: Wie kan ek dien? Wat moet ek neerlê? Hoe kan my teenwoordigheid lewe bring? Begrip vir ander eerder as om self begryp te word – luister eerder as om gehoor te word. Is my siening vir my belangriker as die persoon oorkant my?

Hierna het die leierskapskrywer Hermann du Plessis ’n toerustingssessie aangebied met die onderwerp: “Die predikant as kultuurargitek”. Hy het met die beeld van hengelaars en forelplase verduidelik vis floereer in gesonde



water. Net so is dit die predikant se verantwoordelikheid om ’n kultuur in sy gemeente te bevorder waarin lidmate veilig genoeg voel om kreatief te wees en eie inisiatief te neem. Hy het na lesse uit sy boeke oor intensionele leierskap verwys en elke leier uitgedaag om braaf genoeg te wees om so ’n omgewing te skep waarin mense kan floreer.

Wegbreekessies deur die Taakspanne vir Jeug en gesinne, en Kommunikasie, het tafelgesprekke gestimuleer wat die kern van die kerk se roeping aanraak.

Alles word gemeet binne die konteks van die sinodetema: “In die voetspore van Jesus”.

Tydens die verslag van die sinodale diensraad is gehoor hoeveel fokus daar was op opleiding en toerusting.

Baie energie is belê in ringsdiensrade en kerkkantore. Daar is ook ’n nuwe sesde taakspan vir kleingemeentebediening bekendgestel.

Hierna is vir die eerste keer vir nuwe leierskap gestem met behulp van ’n selfoontoepassing. Na **Maartje van der Westhuizen (foto links)** as nuwe voorsitter verkies is, het sy almal genooi om deel te neem aan die verspreiding van die evangelie. “Die sinode bestaan nie net uit die dagbestuur of SDR nie, maar uit elke dominee en kerkraadslid,” het sy gesê.

Die aand het met lofprysing afgesluit, en groot dankbaarheid is uitgespreek teenoor die Here vir die voorreg van saamwees.

Annabelle Lombard is deel van die bedieningspan van die NG Gemeente Skuilkrans.

Noord-Kaapland: Sinode slaan nuwe koers in met samewerking tussen gemeentes en Caritas



HELÈNE MEISSENHEIMER

“As mense by ’n betekenisvolle konsensus uitkom, moet ’n mens dit raaksien, maar ons moet dit ook nie romantiseer nie, want dit het met pyn en opoffering gepaard gegaan.”

Só het dr Nioma Venter, algemene sekretaris van die NG Kerk, laatoggend opgemerk op die derde dag van die sinodesitting van die NG Kerk in Noord-Kaapland. Sy het vroeër vanjaar ’n mediasiegesprek gefasiliteer oor die geskille rondom Caritas Gemeenskapfokus.

Venter het met afgevaardigdes gepraat na die besluite wat die vergadering Woensdagoggend 14 Oktober gemaak het rondom die pad vorentoe met die maatskaplike hulporganisasie wat deur hierdie kerk begin is skaars 12 jaar gelede.

Die doel was om die kerk te help om die streek se uitdagings met armoede aan te spreek. Nou blyk dit daar is ’n sterk gevoel onder sommige dat hulle reken die organisasie moet met minder geldelike ondersteuning vanaf die kerk hulle werk doen. Al was daar ook gewaarsku so ’n besluit kan met die prys kom dat die kerk, soos een predikant dit gestel het, “’n stuk getuieniskrag kan verloor”.

Die sinode het Woensdag onder meer goedgekeur dat gemeentes wat steeds met Caritas Gemeenskapfokus wil saamwerk so kan doen, maar dié wat met ander maatskaplike vennote wil skakel, het ook nou ruimte om dit te kan doen.

Die afgevaardigdes het ook met ’n meerderheidstem goedgekeur dat die kerk se geldelike ondersteuning aan Caritas Gemeenskapfokus hersien word. Die sinodale kommissie vir diens en getuienis (SKDG) is hiermee getaak. Dit sluit in dat die kerk se jaar-



likse hulpbydrae (tans R2,2 miljoen) elke jaar met R500 000 verminder word. Gemeentes en ringe het wel die opsie om Caritas te betaal vir maatskaplike dienste.

Gemeentes word ook aangemoedig om vrywillige deurkollekties en donasies vir Caritas Gemeenskapfokus te gee.

Die SKDG moet saam met Caritas ’n nuwe ooreenkoms opstel. Die sinode het 29 Februarie 2028 as sperdatum hiervoor gegee.

Die sinode se voorsitter Tienie Swanepoel het die verskillende spanne wat tot laat die vorige aand aan die voorstelle gewerk het bedank. “Julle gee vir ons ’n duidelike raamwerk,” het hy gesê.

By navraag het Hopetown se predikant, Thabo Pienaar, wat in ’n bemiddelingsrol betrokke was, gesê: “Vir my is die grootste punt dat ons (die kerk en Caritas Gemeenskapfokus) mekaar nie los nie, maar dat ons ook vir gemeentes en ringe ruimte skep vir barmhartigheidswerk.”

Die streek het 83 gemeentes wat wyd verspreid lê, maar die hulpor-

ganisasie het net takkantore op twee dorpe, Vryburg en Kimberley, met ’n kinder- en jeugsentrum ook op Barkley-Wes. Soos Pienaar verduidelik, beteken dit dat Caritas Gemeenskapfokus se maatskaplike werkers nie by al die gemeentes kan uitkom nie.

Ds Leonie Pistorius het as ondervoorsitter ook ’n gebed gedoen en gevra “mag ons mekaar styf vashou op hierdie pad”.

Beroep van predikante ouer as 70

Die amptelike aftree-ouderdom vir predikante van die NG Kerk is 65. Die Kerkorde bepaal dat hulle daarna op kontrakbasis net tot 70 in aktiewe bediening diens mag doen.

Hulle mag daarna nie weer beroep of in vastekontrakposte aangestel word nie omdat hulle reeds ten volle afgetree is en pensioen ontvang. Die nood vir predikante, veral op afgeleë dorpe, is so groot dat streeksinodes soos hierdie, en ook KwaZulu-Natal, besluite geneem het wat gemeentes toelaat om, as omstandighede dit vereis, op

korttermyn gebruik te mag maak van die dienste van predikante bo 70.

In Noord-Kaapland is sowat die helfte van die predikante ouer as 60 – elf is ouer as 70. Hierteenoor is net drie jonger as 30 en al drie is vroue.

Hierdie statistieke in ’n verslag skets ’n prentjie.

In ’n streek waar byna ’n derde van die gemeentes vakant is, help dit as hulle die opsie het om ook ouer predikante te mag beroep. Dit bied ’n “uitkoms” soos die verslag van die sinodale kerkordekommissie (SKOK) dit stel.

Tydens Noord-Kaapland se sinode van 2024 is ’n beskrywingspunt goedgekeur wat aanbeveel dat die Kerkorde gewysig word sodat leraars bo 65 in vastetermynposte beroep mag word. SKOK het dié beskrywingspunt na die Algemene Sinode Moderamen (ASM) versend wat dit na die Algemene Taakspan Regte (ATR) verwys het.

Die terugvoer is dat besluite oor sulke wysigings aan die Kerkorde slegs tydens ’n sitting van die Algemene Sinode geneem kan word. Die volgende sitting gebeur in 2027.

Wat ’n meerkat die kerk kan leer

’n Groot kartonmeerkat sit voor by die tafel waar die voorsitter en ondervoorsitter sit. Die agenda het ook ’n prent in met meerkatte wat lyk of hulle om ’n vuur Bybelstudie hou. Vandag het afgevaardigdes in ’n video gehoor meerkatte is familievas, waaksaam en mededeelsaam.

Ds Annatha Nel verduidelik dit is waarom hulle as sinodale kommissie hierdie diertjie so eie aan die Noord-Kaap gekies het as metafoer. “Hulle leef met waaksaamheid en vreugde – net so roep die Gees ook die kerk om met waaksaamheid, verwondering en vreugde te leef”.

‘Die dag van my musiekbekering’ - skrywer gesels oor kerkmusiek as Godsontmoeting

Die Bybel maak sang nie opsioneel nie, skryf **dr Riaan Steyn** in ’n nuwe boek oor die sterk samehang tussen teologie en musiek. Hy vertel aan **Heléne Meissenheimer** wat hy ontdek het rondom musiek tydens die erediens.

Ons gesprek kom kort na die uitreik van sy eerste boek, *Vyfde Evangelie: Van kerkmusiek na Godsontmoeting: Rigtingwysers vir aanbiddingsvernuwing* (Beskikbaar by Bybel-Media).

Vroeg in die boek verduidelik die skrywer aan die hand van ’n verhaal oor die komponis Johann Sebastian Bach waar die term “Vyfde evangelie” in die titel vandaan kom. Hy skryf musiek in die kerk is so oud soos geloof. Met ’n ewe sterk bydrae om te lewer om die evangelie uit te dra “as ’n onlosmaaklike deel van die liturgie (saam met die Woordverkondiging en al die liturgiese momente), ’n plek van Godsontmoeting en ontmoeting tussen die gemeenskap van gelowiges, binne die genaderuimte van die erediens”.

Die *Handboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) verduidelik ’n musikus is iemand “met ’n besondere kennis en aanleg vir die wetenskap en beoefening van musiek”. Riaan is dít gewis – hy is akademies goed opgelei in teologie en musiek (onder meer ’n PhD in himnologie), én hy hou van stories vertel. Hy vertel drie uit sy eie lewe wat hom tot sy oortuiging gebring het rondom die unieke bydrae wat musiek tydens die erediens kan lewer.

‘Toe maak Lied 518 se walswysie sin ...’

Sy pa is dood toe hy ses was. Riaan vertel sy pa het in die hospitaal vir sy ma gevra om hulle seun vir musieklesse te neem. Sy talent is gou raakgesien. Hy was tien toe hy vir die eerste keer die Parow-Panoramageemeente in die noordelike voorstede van die Kaap op die orrel begelei het. Daardie Sondag, toe honderde mense met hom saamsing, het iets met hom gebeur.

“My verwondering met himnologie het daar begin.” So vertel Riaan terwyl ons in die eetkamer gesels van die dubbelverdiepinghuis wat hy en Elzaan, sy onderwyservrou, met hulle vier kinders in Bellville, deel. Die huis is stil, want almal is in die skool. In die voorportaal staan ’n vleuelklavier waar sy vrou vioollesse gee.

Riaan sê hy het soos hy ouer geword het al meer besef hy wil in die kerk en met musiek besig wees. Predikant word is al roete wat hy van geweet het om hierdie lewensdroom te verwesenlik.

Hy is in sy eerste jaar as musiekbegleiter by die NG Gemeente Good-



“Musiek vertaal en verwoord soms wat woorde alleen nie kan nie ...” skryf dr Riaan Steyn in sy debuutboek oor kerkmusiek. Hy vertel van drie eredienste wat sy siening oor die sleutelplek van kerkmusiek in die erediens help vorm het. Foto’s: Adriaan Labuschagne

wood aangestel. Sy eerste beroep as predikant was na dieselfde gemeente met die musiekleierpos ingesluit. Hy het ook ’n musiekskool gehad. Met sy eerste gemeente se toestemming het hy daarna ’n opname-ateljee oopgemaak om musiekproduksies op te neem.

Een Sondag is hy gevra om by ’n buurgemeente te gaan preek. Hy onthou hulle het “Voel jy soms of die Here te ver is?” (Lied 518) gesing maar “verkeerdelik” op ’n walsyemaat. Dit het vir hom vanuit ’n musikologiese oogpunt nie sin gemaak nie tot hy opgekyk het en die mense voor hom sien. Mense wat swaarkry ken.

Hy noem wat toe met hom gebeur het sy “musikologiese bekering”: “Ek het besef wat hulle sing is miskien nie vir my reg nie maar dit is reg vir daardie gemeente. Die gemeente het ’n innige Godsbelewenis gehad – mense wat presies geweet het hoe dit is ‘as die Here soms te ver voel’ ... ek het toe besef kerkmusiek gaan glad nie oor jou nie. Dit gaan oor wat die konteks vra”.

Riaan skryf ook oor hierdie ervaring in sy boek. Daar vertel hy dat hy “die Here skaam om vergifnis gevra het vir my musikologiese arrogansie”.

Geen bloudruk - elke gemeente het ’n eie konteks

Verdere studie in himnologie het hom oortuig dat daar nie iets soos ’n musikale bloudruk vir die kerkmusiek bestaan nie. Hy het in 2024 sy doktorsgraad in hierdie studie van aanbiddingsmusiek gedoen en gedeeltes van die boek kom uit sy tesis. Dit is ’n versameling van data van die voorste teoloë en geskoei op besoeke aan die Universiteit van Princeton, Vrije Universiteit in Amsterdam en die Calvin University in Grand Rapids, VSA. Tydens ons gesprek noem hy dat die Duitse teoloog Martin Luther ook nie ’n voorskriftelike ‘one size fits all’ benadering met kerkmusiek voorgestaan het nie. “Dit gaan nie oor enigeen se musikale voorkeur nie. Ons moet luister wat die spesifieke konteks van ’n bepaalde gemeente van ons vra. As ons net naboots wat

ander gemeentes hier of oorsee doen, of musiek maak ter wille van “musiekmaak”, of wanneer liturgiese musiek nie gemeentelike deelname bevorder nie, maar in ’n liturgiese vertoning verander, dan is dit waar ons verkeerd gaan,” voeg Riaan by.

Die antwoord op die vraag hoe om ’n gemeente van toeskouer na “belewer” te beweeg hou verband met wat hy “liturgying” noem. Met verwysing na die skrywer Christopher Small brei hy as volg hierop uit: “Small het die term ‘musicking’ gemunt. Hy het verduidelik dat die essensie van musiek nie soseer in musiekwerke lê nie, maar in deelname aan uitvoering en in sosiale aksie. Musiek is dus nie soseer ’n selfstandige naamwoord nie, maar meer ’n werkwoord, ‘om te musiek’. ‘Liturgying’ dui dus op elke deelnemer aan die liturgie – wat dan ’n imperatiewe funksie het tot die erediens van die lewe. Die himnologiese funksie van ‘musicking’ (wat alle fasette van die musikale besigwees insluit) kom dus saam in ‘liturgying’ (wat dui op die ganse hermeneutiese, deelnemende, sakrale, ontmoetings-aard en geleentheid, performatiewe en transformatiewe besigwees van die hele liturgie). Met hierdie nuwe werkwoord, ‘liturgying’ word die totale liturgiese besigwees bedoel.

“Wanneer ons aan ‘kerkmusiek’ dink dat dit, soos die Teks, ook hermeneuties en eksegeties benader moet word (vanuit ’n musikologiese verstaan ook) sal ons eredienste anders klink”.

“Die orrel is die orrelis se musikale preekstoel,” voeg hy by, self die skrywer van vele kerkliedere, onder meer as deel van die Flam-taakspan wat die kerk met ’n meer kontemporêre klank moes help en Vonkk-taakspan vir die ontwikkeling van nuwe klassieke kerkmusiek.

Daarom meen Riaan is nouer wisselwerking tussen teologie en musiek tydens predikante sowel as musici se opleiding nodig. Dié wisselwerkende opleiding hoort binne die Konservatorium en Fakulteit Teologie. Soos Riaan verduidelik “die musikologie toon baie sterk ooreenkomste met die teologie in terme van kontekstuele verstaan en interpretasie”.

By Welgemoed-gemeente, waar hy as predikant met (slegs) opdrag musiek bedien, word reeds verskillen-

> **Vervolg op bl 5**



Oor skelms, trauma en die krag van lig

Ons gesels oor misdaad. Marius Schoombie is geen polisieman of 'n kriminoloog nie – hy is 'n dominee by Stellenberg-gemeente – maar hy het dit al aan sy eie lyf gevoel. 'n Paar keer. En hy het stories om te vertel! Van hulle tragies en wreed, maar dan is daar ook 'n inspirerende misdaadverhaal. 'n Verhaal so *beautiful* dat dit 'n mens weer hoop gee. 'n Groot draaipunt in sy lewe was toe sy oudste broer, Johan, 'n tweedejaar teologiestudent, oorlede is in 'n motorongeluk. Dit was 'n Sondagand, hy het gepreek by Elarduspark-gemeente, op pad terug jaag 'n dronk ou van voor in hom vas. Sy broer is vandag steeds 'n groot inspirasie in sy lewe.

“Behalwe vir dit, het ek eintlik baie min van die hoë misdaadsyfer in Suid-Afrika in my grootword- en studentejare aan my eie lyf gevoel,” sê Marius. “Maar toe kry ek 'n beroep na Amanzimtoti! Ons was seker twee weke in 'n woonstel ingetrek, toe ons een oggend verslaap en besef ons selfone is van ons bedkassies af gesteel. Daar was nog soortgelyke voorvalle en ek is 'n paar keer *ge-mug*.”

En toe kom die grootste skok.

Hy en sy vrou Pauline was in 2021 met vakansie in Koffiebaai in 'n tent, toe hy 'n oproep van 'n kerkraadslid kry.

“Sit jy?” het die persoon gevra.

“Nee, moet ek?” het Marius geantwoord.

Die kerkraadslid het die slegte nuus met hom gedeel. Sy kollega, Liezel de Jager, is pas buite haar pastorie vermoor.

Dit was 'n verskriklike tyd. Getraumatiseerde gesins- en gemeentede, deurmekaar emosies, die begrafnis,

die polisieondersoek, die media ... Liezel de Jager se man het in 2024 sy eie lewe geneem terwyl hy in aanhouding was.

“Sy was so 'n mooi sagte mens wat altyd net aan die goeie in mense geglo het,” sê hy.

Marius vertel van die groot effek wat dit op sy eie lewe gehad het. Ook op sy manier van dink oor kerkwees. Hy is vandag meer as ooit bewus daarvan dat dinge in die lewe dikwels baie meer kompleks is as wat dit mag voorkom, en dat daar dikwels 'n veel dieper storie is agter die tragiese goed waardeur mense gaan.

Waarom hou jy vas as dit rof gaan? vra ek.

“Ek vind myself eintlik 'n bietjie meer tuis in die donker as in die lig. So as dit té goed gaan, begin ek wonder ... Die lewe moet so 'n bietjie rof wees. My idee van pret is om berge uit te klim en te hardloop tot my lyf opgee. Dit is terapeuties en bring my, letterlik, weer aarde toe. Anders as dit doen 'n goeie drukkie van my seuntjie en my vrou wondere! Ek het so 'n rukkies terug die gedagte teëgekomen om delight te microdose. Om klein oomblikke van verwondering te vier. So ek wandel graag in my tuin of park of berg en raak kinderlik opgewonde oor die blommetjies en goggas en die misterie van die lewe, wat my dan help om tuis te voel in die misterie van die Lewegewer self,” sê hy.

Daar is soveel tragiese misdaadstories, maar nou die dag – in die swembad by die predikantesaamtrek by Goudini – vertel Marius my sy inspirerende misdaadstorie! Wat 'n uitdaging om helderder te skyn as dit donkerder word! het ek gedink, *and it had a Jesus-ring to it*.



Dit het gebeur kort na die ergste Covid-beperkings gelig is. 'n Vriend en kollega het hom genooi om saam met hom 'n trailrun te gaan hardloop – om hulle vryheid te vier!

Hy vertel self:

Ons het minder as vyf kilometer gehardloop, toe ons 'n geritsel in die bosse hoor. Toe ons omkyk, kyk ons vas in 'n pistool.

Die ou agter die pistool het ons beveel om alles wat ons het te gee. Hy het ons letterlik kaal laat uittrek, net om seker te maak ons het nie nog iets wat hy kan vat nie! Ek onthou hoe hy daar gestaan het met 'n selfoon, ons horlosies en sonbrille in sy een hand en die pistool in die ander.

Uiteindelik tevrede dat hy alles het, sê hy ons kan nou maar gaan. Maar 'n gedagte kom by my op en ek sê: “I'll pray for you.” Ek kon sien hy het dit vreemd gevind en toe vra ek: “Can I do it now?” En hy stem toe wraggies in.

Ek en my kollega bid toe vir hom daar in die bos en na ons amen gesê het, staan ons seker nog vir 'n halfuur en gesels. Een van die mees fascinerende gesprekke van my lewe.

Die arme ou het gedurende Covid sy werk as kelner verloor. Uit desperaatheid het hy begin steel. Maar hy is eintlik ook 'n Christen, vertel hy ons. Toe hy sy geweer gekry het, het hy byvoorbeeld eers daarvoor gebid.

“I don't just shoot people, only if they make trouble,” het die ou gesê. “And even then, I don't kill them, I shoot them in the leg.”

Alles wat hy van ons gevat het, het hy weer teruggegee, behalwe die selfoon – want sy gesin moes eet en hy kon dit nie in sy hart kry om ons te vertrou om hom te help nie.

Teen die einde van die gesprek sê ek, hy moet asseblief ook vir ons bid, met die gedagte dat hy dit dalk een of ander tyd op sy eie sou doen.

Hy het anders verstaan. Dadelik sit hy sy geweer neer. Toe vra hy dat ons ons oë toe maak, en toe, terwyl hy sy eie oë toemaak, bid hy vir ons!

Marius sê hy dink nog gereeld aan daardie man. Oor hoe hy en sy kollega-vriend hulle vryheid daai dag wou vier en die man steeds gevange gehou is deur sy omstandighede. Aan die ou wat aanvanklik net soos 'n vyand voorgekom het, maar op 'n manier ook 'n broer was, iemand wat ook sukkel om Jesus te volg.

Terwyl hy praat kom die Engelse uitdrukking by my op: It is better to light a candle than to curse the darkness! Die lewe maak jou bitter of beter, hy het beter gekies. Hoe anders sou die wêreld wees as meer mense wat hulleself Christene noem die evangelie soos Marius Schoombie kon verstaan.

Ds Jaco Strydom is verbonde aan die Echo-Jeugbediening en die NG Gemeente Villieria.

> Vervolg van bl 4

de stemme ingenooi om saam na die Bybelteks vir 'n Sondag te luister oor wat dit vir hulle gemeente hier en nou sê en gepaste musiek te kies.

Maar toe hy 17 jaar gelede na hierdie gemeente beroep is was dit anders.

'Die Sondag wat alles verander het'

Dit was 'n moeilike tyd in die gemeente. Soos hy in sy boek skryf, “'n groot gedeelte van die gemeente, saam met

twee predikante,” het kort tevore die gemeente verlaat. Deel van die ongelukkigheid het te make gehad met liturgiese verskille.

Dit was Riaan se taak “om verantwoordelike liturgiese vernuwing te help fasiliteer”.

In hulle gemeente was daar ook 'n jongman wat verstandelik gestremd was maar graag belydenis van geloof wou aflê. Riaan vertel hy en 'n kollega, wyle Johann Symington, wou dus 'n manier vind wat vir hom kon werk in

plaas van kennis van die belydenisskrifte. Dit was 'n tyd om versigtig te trap. In hierdie tyd het van die mense, wat weggegaan het, begin terugkom. Toe kom die Sondagoggend wat die jongman sy belydenis van geloof sou aflê. Hy het die eerste vers van Genade onbeskryflik groot gesing. Dit was die oggend wat alles vir hulle gemeente verander het. Riaan vertel “van die gehardste man wat nooit 'n woord sê nie tot die kleinste kind het 'n verandering ondergaan”.

Die ervaring het hulle gemeente gehelp om verby liturgiese verskille te kyk en te groei as een geloofsgemeenskap.

“Ons moet meer sulke stories in die kerk vertel,” sê hy. Soos hy skryf in sy boek, “Musiek vertaal en verwoord soms wat woorde alleen nie kan nie ...”

Wat is die Vyfde evangelie?

Kerkbode is 'n publikasie van Bybel-Media.

Jan Lubbe



Omdat in ons Agonie, dit Advent word!

Byna elke jaar met Paasnaweek, lees ek dié gedig van Sheila Cussons weer: “Die vlieë” (1978). Soms die Donderdagaand as die kerkgebou verdonker is en ons nog by die Nag-maalstafel sit, want só begin dit: “Die vlieë vryf hul handjies joods / kletserig in hul skik / tussen die pasga-reste / van my wyn en my brood.” Maar meestal eerder in daardie gestroopte oomblikke Vrydagoggend, wanneer die tekste klaar gelees is oor die geweld op Golgota, en die hamerslae verstil en asof verdwaas ons die naderende dood instaar: “O vlieë van Galilea / op die oë van blindes, melaates / en op sy helende hande / en tussen die klewerige doringe. / As jy die jode se koning is / kom dan af van die kruis! / maar iets gons in sy Agonie / hou moed, soet Jesus, hou moed.” Dáár is die hoofletterwoord waaroor ek wil skryf, weliswaar hier in “Oktober, die mooiste, mooiste maand” (Leipoldt).

Die huiwerige oorgang vanjaar van winter na lente na somer, het saamgeval met die Joodse Huttefees – die “Sukkot”, wanneer ou Israel volgens voorskrif in Levitikus 23, sewe dae lank elke gesin in die buitelug onder ’n takskerm moes woon, blootgestel en byna weerloos, ter herinnering aan die bevrydingstog uit Egipte en verby Sinaï toe God vir hulle gesorg het, met die net genoeg vir elke dag. In die “Sukkot” was daar wel ook elemente van ’n Oesfees; ’n dankbare viering van God se sorg op die landerye en veekrale later in die Beloofde Land. En, daar is óók in “Sukkot” verwys na die Tabernakelfees, ’n bevestiging dat God teenwoordig was, bly hulle, net dáár stapafstand buitekant die kamp, by die Tent van Ontmoeting. Daar waar Moses alleen ingegaan het om te gaan hoor, “die Here het met Moses gepraat soos ’n man met sy vriend” (Eksodus 33:11). Nog één betekenislaag: Daar is ’n Huttefeesdag verwag, eendag vorentoe, wanneer God self sou kom tentopslaan tussen sy mense, alles heilig en tot eindelike rus bring (Sagaria 14). Vleesgeword, in die Johannes Grieks gestel (Johannes 1:14). En net nog dít: 7 Oktober 2023 was die Sabbat ná die “Sukkot” geëindig het, die vorige dag. Agonie.

Tydens vanjaar se Huttefees was ek bevoorreg om ons land en mense te

sien. Die landskap lyk ná die reën, mooi. Gemeentes het verjaar en sinodes het vergader; konferensies oor eenheid én oor skeuring. In die Parlementstent in Kaapstad het Christene met ’n charismatiese spiritualiteit saamgekom vir ’n Nasionale Dag van Gebed met die oog op die komende verkiesing; om te vra vir ’n morele herlewing. Ramshorings is geblaas, sonde bely, in tale gebid. Die NG Kerk is gevra om te kom vertel van Andrew Murray en die 1860-herlewing (die vreugdes, teleurstelling én latere vertolking: “Let all teachers of holiness, whether in the pulpit or on the platform, and all seekers after holiness, whether in the closet or the convention, take warning. There is no pride so dangerous, none so subtle and insidious, as the pride of holiness. Pride must die in you ...” – AM, 1885).

Die week daarna, die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika in Maseru: ’n Dankbare, maar ook selfondersoekende herdenking van die Belydenis van Belhar se aanvaarding, veertig jaar gelede (1986). Hulle tema: “Be the salt and the light of the world.” Ja, die VGKSA lê inderdaad uitgestrek in gemeentes van Lesotho tot Namibië, die Kaap tot diep Limpopo. Hulle kén onderlinge spanning, beslis, én die daaglikse lewenstryd. Maar in hulle nuwe moderatuur is daar ’n verskeidenheid vergestalt, die “eenheid en versoening” waarvan Belhar praat. En toe almal die Woensdagaand by die “Cultural Celebration” vrolik begin sing en dans het ek gewonder wat “ons Afrikaanses” sou bydra, totdat die Kaapse afgevaardigdes lostrek met “Daar kom die Alibama” en die vrolike ritme ons voete beetpak! Dít is hoe dít lyk wanneer gewone mense mekaar aanvaar, insluit, saam bly kan wees ...

Want, die kontras, die volgende oggend – die Donderdag in Gauteng (ek moes ná ’n kort nag vroeg voor sonop uit Maseru ry!) – toe die oudpresident ons dít vra, was skril en konfrontierend. Die Thabo Mbeki-stigting het op kort kennisgewing so ’n twintigtal “faith leaders” byeengeroep om oor gegewe landsomstandighede te kom help besin. In dié lenteweke is daar nóg elf vroue vermoor, meer as dertig jongmense by kuierplekke koelbloedig doodgeskiet, een-en-twintig

in ’n taxi-ongeluk dood, ’n plaasvrou by die hek aangeval en doodgeslaan, kinders wéér op die Vlakte in bendegegeweld meegesleur. Orals, oral staan die kruise. Stukkendheid, verwaarlosing, vandalisme, ’n nuwe laag agitatie teen buitelanders. Het ons teen onself gedraai? Sweer die wonde en woede deur generasies nou uit in sinnelose wraak, ’n nasionale “selfmoord”? Toe vra oudpresident Mbeki ons reguit: “Do the faith communities share in the anguish of our nation?”

Agonie. Dít is ’n sterk vertaling vir die Engelse woord “anguish”. Maar dít is die diepte van die bestaanskrisis waarin miljoene Suid-Afrikaners wat geen ander heenkome het, hulle tans bevind, kórt voor die verkiesing en met Agoa en El Nino en wat nog alles óp ons. Daar’s nie (meer) ’n staat in staat om ons hieruit te lei nie; óral sink die mensdom weg in verbokkeling – jy’s óf vir óf teen. Die woord agonie gaan in Grieks terug na die innerlike gespannendheid voor of tydens ’n fisiese worsteling (soos in sport); soveel te meer die benoudheid van doodsangs. Die psalmdigter het “in my angs uitgeroep: Here!” (118:5); Paulus skryf dat hy die goeie stryd – “agoon” – gestry het, die einde is hier (2 Tim 4:7); in die Middeleeue, die donker sielestryd; Luther se “Anfechtung”. En iewers in dít alles, die Seun van die Mens se uiterste “agonia” in Getsémane – die “Agonia Christi” (Lukas 22:44). Só is ons terug by die vlieë van Cussons wat “hul handjies vryf” en bid omdat hulle in digterstaal wéét Wie hier ly ...

Ja, ons sing by sinodes en saamtrekke, ons móét, maar die klaaglied wat vol agonie uit al die verwonde plekke van ons land opstyg, moet deur die Liggaam van Christus gehóór word. Ons is dalk nog die enigstes wat soos die vlieë sou kon uitroep: “Hou moed, soet Jesus, hou moed.” Is dít dan nie die heel laaste “Kerslied” in ons Liedboek: “Heer Jesus klein, slaap soet, die donker nag, die Vader hou wag ...” (375)? Ons, wat hande kán uitsteek om te help, na mekaar en die ander. Omdat ons in Advent glo, ánderkant – nêé – juis hier, in hierdie agonie.

Ds Jan Lubbe is predikant van die NG Gemeente Berg-en-Dal en voorsitter van die Algemene Sinode Moderamen.

Waarsku die kerkreg ons nie hierteen nie?

Gerhard Ferreira van Johannesburg skryf: Met die Koinonia-konferensie van 8 Oktober, waar die moontlikheid van 'n skeuring in die NG Kerk deur sommige teenwoordiges hanteer is asof dit reeds 'n voldwonge feit is, is dit dringend noodsaaklik dat die kerkvolk verby die emosionele retoriek kyk.

Die NG Kerk se infrastruktuur en bates is oor geslagte heen deur lidmate bemaak en opgebou; dit kan nie onder

die vaandel van 'n skeuring deur individuele groeperings uit die NG kerkverband vervreem word nie. Die fundamente van Gereformeerde Kerkreg, soos neergelê in die Dordtse Kerkorde van 1619, is gebou op die absolute vermyding van konflik van belange.

Die Romeinse regsbeginnsel *Nemo iudex in causa sua* of "Niemand mag 'n regter in sy eie saak wees nie", vorm die hoeksteen van hoe kerkrade, ringe

en sinodes ingerig is.

Die hele struktuur van ons Kerkorde is juis ontwerp om te verhoed dat individue of groepe hulle amptelike posisie misbruik om hulle eie belange te bevorder.

Artikel 31 van die Kerkorde omskryf byvoorbeeld die kerkverband en ring se rol en aanspreeklikheid duidelik wanneer gemeentes gestig, verander of ontbind word en slegs 'n ring hierdie bevoegdheid tussen al

die artikels van die Kerkorde.

Wanneer gemeentes of predikante sonder die nodige onafhanklike rings-goedkeuring optree, word die beginsels van goeie orde geskend. Wanneer amptenare hulle amp en getuienis gebruik om kerklike eiendom en bates uit die verband te ontkoppel, oortree hulle hierdie basiese etiese eise. Die algemene publiek en kerklede moet hieroor ingelig wees. - Brief verkort - Red.

Hartkreet van 'n Doppler-in-diaspora

Dr PP (Paul) Kruger, emeritus-Dopplerpredikant, Pretoria, skryf:

Soos 'n onverwagte hou in die maag het dit vir talle van ons gekom – daardie sinodebesluit (2026) van die Dopplerkerke in SA, wat die deur na die amp van ouderling en predikant vir vroue in hulle gesig toegeklap het. Terwyl ons as 't ware nog na asem snak sedert daardie besluit, wil hierdie brief 'n hartkreet wees, 'n ware cri de coeur aan die lesers van Kerkbode, die blad van die NG Kerk waarvan my kerklike voorvaders in 1859 afgeskei het.

Dit is 'n pleidooi om begrip, voorbidding en kerklike gasvryheid vir Doppler-lidmate en gemeentes wat ingevolge daardie sinodebesluit onwillig uit die innige gemeenskap van die GK-SA-kerkverband gedwing is – tensy iets soos 'n wonder binnekort nog gebeur! My brief weerspieël die persoonlike siening van 'n emeritus-Dopplerpredikant in sy sewe-en-tagtigste lewensjaar. Deur daardie sinodebesluit is ek en ander nou in 'n kerklike diaspora (verstrooiing)-situasie ingedompel. Ek bedoel 'verstrooiing' insoverre dit ons kerkgemeenskap as verband van kerke (gemeentes) betref. Buite die GKSA wag 'n soektog nou om deur God se genade nuwe kerklike verbintenisse aan te gaan. Dit is 'n pad waar die belofte moed gee, dat die Heilige Gees die kerk al dieper in die hele waarheid sal lei (Joh 16:13) – nie 'n ander waarheid nie; die hêle waarheid! Dit is 'n pad waarop óók vir Diaspora-doppers oneindig meer is om te ken van die liefde van Christus, die lengte, breedte, diepte en hoogte daarvan, liefde wat ons verstand te bowe gaan ... maar ons kan dit alleen 'saam met al die heiliges' nastreef, dit wil sê, in gemeenskap met die een, heilige, algemene (katolieke), Christelike kerk (Ef 3:18-19).

Juis op hierdie pad, daarvan is ek seker, kan NG gemeentes en lidmate ons as Doppers-in-diaspora help! Met die titel 'verdeeldheid onder broers', het prof Willie Jonker (die NG teoloog wat deur 'n Doppler-teoloog beskryf is as 'behorende tot ons almal') in 'n artikel feitlik 'n model-voorbeeld gegee van hoe NG lidmate hierdie soort hulp aan ons in óns verstrooiing kan bied.

Hy het dit geskryf in 'n boek wat gesamentlik deur myself en dr JHH (Howard) du Toit, NG predikant, in 1990 uitgegee is [ons is hegte vriende sedert ons studentejare saam in Nederland] – Geroep tot eenheid: Gesprekke ter wille van die heling van die breuk tussen die GKSA en NGK, NGKB, Pretoria. In navolging van prof Jonker kan selfondersoek by NG lidmate ons as Doppers-in-diaspora nadertrek en bring tot eie selfondersoek en die her-vind van 'n kerkverband waarin ons weer kan tuiskom: 'n eenheid sonder eenvormigheid (ons Afrikaans-Hollandse kerke was in elk geval vir omtrent twee eeue één). Sodoende sal ons gehelp word om uit eng kerklike 'seperatisme' vry te kom en deur die krag van die Woord en Gees saam uitgelei te word in die wonderlike ruimtes van die kerk wat 'wêreldwyd' in Christus een is. Só sal die liefde inderdaad liefde wek!

Wie het vir die kerkgebou betaal?

Daniel Louw van Secunda skryf:

Gerhard Ferreira wil dit laat blyk dat gemeentes wat skeur nie hulle bates (geboue) uit die verband kan neem nie.

Het Gerhard al daaraan gedink dat gemeentes wat reeds uit die verband getree het, goeie regshulp geraadpleeg het voordat hulle dit gedoen het? Miskien is dit hoekom dit so stil is uit NG Kerkgeledere.

Hierdie idee dat die gemeente se bates nie uit die verband geneem kan word nie, het nog nooit vir my sin gemaak nie.

Ek sal verbaas wees as sinodes of ringe enige sent bygedra het tot die bates van

gemeentes. Dit was die gemeentede wat die geld bymekaar gemaak het om die kerkgebou op te rig en vir baie jare in stand te hou. Die sinode of ringe het nog nooit enige van hierdie verantwoordelikhede gedra nie. Hoe maak dit sin dat die bates aan die kerkverband behoort?

Die beste vergelyking waaraan ek kan dink is 'n konsessie, soos Spur. Die besigheid behoort aan die eienaar, nie aan Spur nie. Die eienaar is vir alles verantwoordelik, maar die eienaar betaal lisensiegeld om die reklamevoordele te trek om aan Spur verbonde te wees. - Brief verkort - Red.



Kerkbode

Kerknuus op die voorgrond en op die voorblad

Bly op hoogte en belê in betroubare kerkjoernalistiek

Bly op hoogte en belê in betroubare kerkjoernalistiek:
Bestel gedrukte Kerkbode vir 2027. Bestel vandag nog.
Kontak ons: Intekenaarbestuurder: Viona Ross
E-pos: viona@tydskrifte.co.za
WhatsApp: 073 300 8731
Tel: 021 864 8278



LE ROUX SCHOEMAN

Hoe bou jy 'n kerkgebou? In die 19de eeu was die tradisionele kerkplan 'n variasie op een tema: 'n kruis.

Maar vir 'n Afrikaanse seun van die Paarl wat in die NG Kerk grootgeword het en veelsoortige argitektdrome gekoester het, was daar ruimte vir verbetering: Hoe kan 'n mens die kansel en prediking meer sentraal maak?

Later sou verdere vrae, nuanse en kreatiewe spanning aanmeld. Hoe lyk goed, maar goedkoper? Hoe kan 'n gebou meer "eie" aan konteks wees? Hoe warm in die somer? Hoe koud in die winter? Hoe klink 'n koor? Hoe afgesluit voel ek van ander kerkgangers?

Ná die jong Wynand Louw sy argitekkwalifikasie in Engeland gaan verwerf het, keer hy terug na Suid-Afrika in die aanloop tot Uniewording in 1910. Louw spring aan die werk in die voormalige Britse kolonie en begin bou aan 'n loopbaan wat 'n halfeeu sou duur en die naam Wynand H Louw letterlik in Suid-Afrikaanse kerkontwerpgeskiedenis sou vasmes-sel.

Wanneer hy sy eie projekte kry, begin hy byna summier die kenmerkende kruisvorme van die (neo) Gotiese kerke vervang met iets wat beter rym met Calvinisme, waar die klem sedert die Reformasie in die 16de eeu swaarder as in Roomse kerke op Skrifverkondiging val. Hy begin 'n kerkontwerp ontwikkel wat die kandel na die middel van die "liturgiese ruimte" bring.

Sy visie was nie als eensklaps-
kaboem volbring nie: Die waaivormige
banke, die drie deure, die sewe
vensters ... Dit was nie alles onmid-
dellik daar nie. Maar die "eksperi-
ment" het vroeg begin en lank geduur.

Van sy eerste argiteksopdrag laat in 1907, via sy eerste kerkgebou in 1909 (Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Port Elizabeth) tot aan die einde van 'n leeftyd se werk. Dit is minstens 120 kerkgeboue, asook vele kerksale en kerkverbouings. In argitektuurkringe word hierdie seun van die Strooidakkerk dan ook gekoester vir die feit dat hy 'n agthoekige kerkvorm ontwikkel het wat "gepas het by Suid-Afrikaanse Gereformeerde liturgie."

Dit alles leer 'n mens as jy gaan moeite maak met 'n bronnelys wat sowat 3 500 woorde beslaan ... Of as jy die gevolgtrekking lees van Albert Geldenhuys se meestersgraad in argitektuur. Vir dié kwalifikasie, wat hy aan die Universiteit van die Vrystaat behaal het, skryf Geldenhuys oor *The life and work of architect Wynand H Louw (1883-1967) with a focus on*

> Wynand Louw via 'n artikel in Die Huisgenoot 1953.


the design of ecclesiastical buildings.

En nou het die skrywer boonop 'n meer toeganklike werk uit sy pen by Naledi laat verskyn. Op die spoor van kerkargitek Wynand H Louw word as reisverhaal beskryf en is die storie van 'n afgetrede ingenieur van Tamboerskloof in die Kaap wat tesame met sy erfeniskennervrou Maretha sowat 40 000 km dwarsdeur die land reis om soveel as moontlik van Louw se kerkprojekte te besoek.

En Geldenhuys (70) het nie net 'n petrolkaart en tyd nie. Hy het 'n hond in die geveg. Louw was sy stiefoupa. Ná dié se dood het 'n groot deel van 'n baie groot geskiedenis vir die jong Geldenhuys verlore geraak. Trouens, hy verwerk tot 'n mate vandag nog aan die besef dat dié oupa van hom die einste kerkgebou ontwerp het waarin Geldenhuys onwetend as Matie-student so lekker koor gesing het.

Geldenhuys het nog iets wat in sy guns tel: 'n Kapasiteit vir navorsing en die soort honger vir detail waarsonder jy kwalik hierdie soort boek kan aanpak wanneer jy jou op die tuisveld van die kerkgebou-anorak begewe ... Dit is naamlik daardie man / vrou wat uit dwingende liefde vir die saak ry en NG Gemeente De Aar of wie weet waar gaan afneem en boekstaaf vir digitale kennissameenskappe wat met hiperskakels in verbinding bly. Of ieder en elk wat sonder afspraak, plan of telefotolens gou deur 'n Devils Fork-heining 'n kerkgebou op die platteland gaan afneem waar 'n tuinier en koster heel dikwels 'n moedige teennarratief tot die dorp se verval probeer handhaaf. Dit mag na nisaktiwiteite klink, maar dit is 'n stewige nis. (Die Facebookgroep Kerkgeboue van Suider-Afrika, byvoorbeeld, het meer as 38 000 vriende en dit word aangevuur deur die ywer vir alles van boukuns tot kerkwees, kultuur en sommer die net verlede per se (hier is ek gedoop, daar was my oupa dominee, daar het ons Sondagskool gehou). En dit is 'n epistemologiese geweste waarin jy nie Marquard se hoeksteen-datum moet verkeerd kry of Dundee se roosvenster met Durban s'n moet verwar nie.

Maar Geldenhuys is 'n *fact checker* se *fact checker*. Die boek begin by 'n lys wat iemand hom via Wikipedia in die hand gee, met 'n string name van kerkgeboue wat sy oupa Louw sou gebou het. Lanklaas het 'n doek so rooi voor 'n bul gewapper! Tien jaar, een M-graad en 'n slapbandboek later ontmoet *Kerkbode* die skrywer vir 'n koffie en 'n tweeuurlange gesprek oor agthoeke, die neo-Gotiek, olyfboer



Lees Jan Lubbe
se resensie op
bl.24

en die dae toe Geldenhuys nog tot 100 vlugte per jaar op die lyf moes loop as een van die grootkoppe by 'n ingenieursfirma wat gholfbane (dink Leopard Creek) vir miljardêrs (dink Johann Rupert) help gestalte gee het en ingewikkelde bouprojekte onder stede in die Ooste deurgesien het. Sy eie trots uit werksdae? Die herbou van Meiringspoort ná 'n vroeëre, ewe vernietigende oorstroming: "Om 'n

“
Openbare geboue moet gebou word om vir 'n millennium te hou. Dit moet modegiere van die tyd oorleef,” haal Geldenhuys vir Thomas Heatherwick aan.

pad wat net 'n stuk teer deur 'n poort was, te omskep in 'n toeriste-atraksie,” vertel Geldenhuys met 'n vonkel in sy oog oor 'n projek van sowat 30 jaar gelede.

Geldenhuys se boek is deernisvol gesaghebbend oor Louw self en prikkelend oor kerke as verskynsel.

Ander lesers mag dalk ook besef hoe baie hulle miskyk. (Net soos goeie sinsbou ongesiens verbygaan, is dit met kerkgeboue eers wanneer die dak lek of wanneer jy nie die dominee kan hoor nie dat 'n mens opletterend begin raak). Wat is 'n kerk?

Huis van God of plek waar die gemeente vergader om God te aanbid? Geldenhuys gaan haal die onderwerp ver en dink diep. Hy het ook sy eie

kriteria as aanbieder. “Daar moet 'n mistiek wees. En dit is dalk die dilemma met van die moderne kerke wat baie funksioneel is. Jy kon netsowel by 'n skuur ingestap het,” verduidelik Geldenhuys tydens ons gesprek. Hy kan 'n paradoks stewig vashou. “Ek dink oordadigheid maak dinge deurmekaar. En tog hou ek van daai mistiek. Barokrosette.

Lig skep mistiek. Goeie klank skep mistiek,” verduidelik hy. En dan verwys hy na die gebou van die NG Gemeente Bethlehem-Wes, wat op die voorblad van die boek pryk. “Mense hou van die koepel, maar wat mense (dikwels) vra: was jy al hier as 'n koor sing?”


Die boek het 'n voorwoord deur 'n dominee, oorgenoeg foto's, nog 'n bronnelys en oorhoofs beskou ietwat meer orde as vloei. Die postuur is iets van sober verwondering, ingekleur deur 'n seun se liefde vir 'n oupa wat hom in sy studeerkamer laat speel het.

Ons sien via die jong verteller se blik hoe Louw na klassieke musiek op langspeelplate sit en luister en druiwe uitdeel vir gaste by hulle woning in die Boland. Dit vul die deftiger beeld aan van Louw die *establishment*-argitek wat alles van die Ou Mutual-gebou in Darlingstraat tot Dagbreek-koshuis op Stellenbosch ontwerp het. (Oupa het terloops tot so 'n mate na genl Jan Smuts gelyk dat Huisgenoot in 'n profiel daarvoor uitgewei het).

Geldenhuys skep keer op keer in sy navorsing en skryfwerk nuwe frase-rings wat “blote” persoonlike waarde-ring ook akademiese en kultuurhistoriese stutte gee: “While still only in his mid-twenties, Louw had the courage of his convictions as an architect and a Calvinist to embark on a journey of exploration to find the elusive ideal reformed church layout and design,” skryf Geldenhuys in sy navorsingstuk. In die boek stel hy dit só om: “Louw (tesame met twee ander) se Sentraalbou-kerke van die vroeë 20ste eeu het bewys dat waaivormige bankuitlegte baie goed werk vir gereformeerde kerke.”

Geldenhuys boer deesdae deelyds maar geesdriftig met olywe op 'n plaas wat hy jare gelede in Prins Albert gekoop het. In die gesprek oor sy boek handhaaf hy 'n ontspanne teenwoordigheid, maar hy het die uitstraling van 'n taakgerigte ingenieur tot diep in sy aftrede behou. In die boek *Humanise*, deur Thomas Heatherwick, kom Geldenhuys af op 'n uitlating wat hom roer: “Openbare geboue moet gebou word om vir 'n millennium te hou. Dit moet modegiere van die tyd oorleef,” verduidelik Geldenhuys. “En dit moet mooi wees. Solied en funksioneel.”

JAARVERSLAG 2025-2026



MEER AS
50
JAAR
van IMPAK

JOU INSPIRASIEVENOOT OP DIE JESUS-WEG

BM
BYBEL-MEDIA

VAN DIE DIREKSIE

Dit bly 'n voorreg om aan ons donateurs en ondersteuners verslag te doen oor nog 'n besondere jaar van bediening. Hierdie werk sou eenvoudig nie moontlik gewees het sonder jou getroue ondersteuning nie.

Wanneer jy deur hierdie jaarverslag blaai, sal jy sien hoeveel werk en bediening vanuit 'n relatief klein maatskappy moontlik gemaak word. Dit is die vrug van toegewyde mense wat met kreatiwiteit, passie en professionaliteit werk om die evangelie op betekenisvolle maniere te laat leef.

Bybel-Media se medewerkers word gedryf deur 'n gedeelde roeping: om die koninkryk van God te dien, gemeentes toe te rus, gelowiges te versterk en mense toegang te gee tot hulpmiddels wat hulle geloof verdiep. Terselfdertyd bly ons voortdurend op soek na nuwe en relevante maniere om die Goeie Nuus in 'n vinnig veranderende, digitale wêreld oor te dra.

Ons glo dat God ons roep om verantwoordelik om te gaan met alles wat God aan ons toevertrou. Daarom bly ons droom, innoveer en nuwe moontlikhede ontdek om nog meer mense met die evangelie te bereik.

Elke projek, produk en bediening wat in hierdie verslag vervat is, is moontlik gemaak deur mense soos jy. Jou ondersteuning maak jou nie bloot 'n ondersteuner van Bybel-Media nie; jy is 'n medewerker in die verspreiding van die evangelie.

Dankie dat jy saam met ons hierdie roeping uitleef. Die impak van jou betrokkenheid strek baie verder as wat ons dikwels kan sien, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook oor grense heen.

Ons is dankbaar om saam met jou in God se diens te staan.

ZANDER VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER VAN DIE DIREKSIE

Met groot dankbaarheid deel ons 'n kykie op Bybel-Media se impak. Jou ondersteuning maak elke storie moontlik, van 'n kind se eerste Jesus-verhaal tot 'n lewenslange geloofspad.

- **Duisende stories – een boodskap van hoop.** Ons ontwikkel Bybelse produkte, kinderboeke en geloofshulpbronne wat kinders, gesinne en gemeentes help groei in geloof, van eerste stories tot inspirerende Bybelstudies.
- **Boublokke van geloof vir die volgende generasie.** Met ons Jeugfokus- en kinderprodukte lei ons kinders stap vir stap na Jesus toe deur stories, katechesemateriaal en kreatiewe leer.
- **'n Digitale pad na Jesus in elke huis.** Ons aanlyn platforms, toepassings en hulpbronne help om die evangelie verder as ooit voorheen te versprei.
- **Meer as 600 produkte – een doel.** Van Kinderbybels tot gemeentereekse: Ons help gelowiges van alle ouderdomme om nader aan God te leef.
- **Geloof wat elke dag leef.** Meer as 5 600 mense ontvang daaglik inspirerende boodskappe, terwyl honderdduisende geloofsinhoud lees, kyk en luister.
- **LiG inspireer meer as ooit tevore.** Meer as 145 000 besoekers per maand vind LiG se artikels, video's en getuienisse en word aangemoedig in hulle geloof.
- **Kerkbode bring deurlopend geloofsnuus.** Kerknuus, getuienisse en die Kollig-podsendings bereik duisende lesers en luisteraars.

- **Kerkmusiek wat gemeentes laat sing.** Honderde musiekleiers gebruik Kerkmusiek op die Missio-platform se liederes, bladmusiek en liturgiese hulpmiddels.
- **NBI rus kerkleiers toe.** Meer as 450 studente word deur 35 opleidingsentrums ondersteun om die evangelie verder te dra.
- **Gemeenskappe wat verander.** Donateurs se ondersteuning help ons om kinders, gesinne, kerke en selfs gevangenes met die evangelie te bereik en 'n nuwe begin moontlik te maak.

Dankie dat jy saam bou. Elke bydrae, groot of klein, help om nog 'n kind se eerste Jesus-storie moontlik te maak.

NICO SIMPSON
HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

DIE BESTUURSPAN



Hoof Uitvoerende Beampste



Hoof: Finansies en Donateurskake



Hoof: Inhoud | Redakteur: Kerkbode



Hoof: Kliëntediens en Operasionele Bestuur



Hoof: Publikasies



Hoof: Digitale Produkte en Besigheidsontwikkeling



Hoof: Tegnologie

VOORWOORD

1 BM se tegnologiese argitektuur

INSTANDHOUDING EN VOLHOUBAARHEID

Vernuwing van tegnologiese argitektuur en kostebesparende tegnologie

Om te verseker dat BM se digitale stelsels betroubaar en vinnig bly vir die duisende gelowiges wat dit daaglik gebruik, het ons bestaande ekosisteem 'n groot opknapping gekry. Platforms soos die aanlyn winkel, *LiG*, *Kerkbode* en Boodskap vir Vandag is agter die skerms vernuwe om spoed, gebruiksgemak en die algehele ervaring vir gebruikers drasties te verbeter.

Die FaithStyle-platform is suksesvol deur ons IT-span herbou. Waar ons voorheen duisende rande per maand aan 'n eksterne diensverskaffer moes betaal, hanteer ons eie span nou self hierdie platform. Dit bespaar geld en verseker langtermyn-volhoubaarheid.

Die Missio-platform se ontwerp is gemoderniseer sodat dit aantreklik en relevant kan bly.

OPERASIONELE VERBETERING

Datagedrewe besluitneming en 'n gestroomlynde ekosisteem-integrasie

BM streef na uitnemendheid in terme van ons stelsels om ons vennote en gemeenteleiers beter te ondersteun. Ons het nuwe analitiese instrumentpanele ("dashboards") van ons spanne se doelwitte en sleuteluitkomst sowel as digitale produkdata geïmplementeer wat ons bestuurspan help om strategiese besluite op grond van relevante en akkurate data te neem. Dit stel ons in staat om seker te maak alles is belym om BM se missie en visie uit te leef en Christene op die Jesus-weg te inspireer.

Die fondswerwingsplatform is ook struktureel herontwerp. Dit spog met nuwe projekteëls, 'n moderner voorkoms en 'n maklike PayFast-betalstelsel. Belangriker nog, projekte is nou oor platforms heen met mekaar verbind vir beter samewerking.

Ander belangrike mylpale sluit in:

- **Dokumentbestuur:** 'n Nuwe biblioteek vir *Kerkbode* en NG Kerk-platforms wat dokument-organisasie vir taakspanne vergemaklik.
- **Skedulering:** 'n Ingeboude bespreking- en gereedheidstelsel om inhoudbeplanning vir *Kerkbode* te vergemaklik.
- **Toeganklikheid:** Die nuwe eCKE-indeksstelsel op *Kerkbode* se platform en die volledige integrasie van die gewilde Kollig-podsendings.
- **Samewerking:** Die Baanbrekers-portaal waar medewerkers direk op *Kerkbode* se platform insigte kan deel en saamwerk.
- **Dinamiese funksies:** Die suksesvolle ontplooiing van die Predikante SAAMkoms-inisiatief op die NG Kerk-platform.

GROEI-EKSPERIMENTE EN TOEKOMSGERIGTE INNOVERING

Produkanaliserings, nuwe inkomstestrome en nuwe digitale horisonne

As jou inspirasievenoot op die Jesus-weg soek BM deurlopend na nuwe maniere om selfonderhoudend te groei. Ons grootste sukses was die digitalisering van die *Jaarboek*. Dit is omskep in 'n aanlyn, inkomste-genererende produk, die **eJaarboek**, wat deurlopend uitgebrei kan word en nuwe waarde ontsluit.


Ons het ook nuwe advertensievelde geskep om volhoubare inkomste uit ons bestaande digitale bates te kry en nuwe maniere ontwikkel om leserbetrokkenheid te verdiep:

- **Joyna:** Ons is tans besig om ons nuwe platform Joyna te toets en te verken. Die groot droom is om dit te ontwikkel in 'n gemeentebestuurstelsel wat 'n gevoel van gemeenskap en geestelike groei onder Christene aktief aanmoedig.
- **Boodskap vir Vandag-speletjie:** 'n Nuwe digitale speletjie is uitgerol om die produk as 'n daaglikse geestelike gewoonte by verbruikers te vestig.
- **Gebedsblad:** 'n Interaktiewe gebedsfunksie is beskikbaar by Boodskap vir Vandag om onderlinge geestelike ondersteuning te bevorder.
- **Akkerpret op Missio:** Gewilde kindermateriaal is omskep in 'n gestruktureerde, produkgerigte aanbod.
- **Geografiese stories:** 'n Gekarteerde funksie is vir *Kerkbode* ontwikkel, wat artikels aan die geografiese ligging daarvan koppel om so ruimtelike storievertelling moontlik te maak.

Groei-eksperimente, veral groot inisiatiewe soos Joyna, behels berekende risiko's en diepgaande navorsing. Dit lê egter die grondslag vir 'n finansieel onafhanklike en impakvolle BM van die toekoms.

Ná 'n suksesvolle bekendstelling by die Predikante SAAMkoms het Joyna reeds 310 geloofsleiers op die stelsel verwelkom. Joyna is gebou op die oortuiging dat geloof floreer binne in-persoon-gemeenskappe. Dit skep kosbare ruimte in die dagboeke van geloofsleiers deur vir hulle 'n sentrale digitale tuiste te gee vir weeklikse reëlings, preekvoorbereiding, databasisbestuur en daaglikse geloofsgewoontes.

BM is tans besig om die platform verder te ontwikkel en te verfyn. Ons werk nou saam met ons eerste groep leraars en administrateurs om nuwe funksies te bou, alledaagse prosesse te stroomlyn en te verseker dat Joyna presies in hulle behoeftes voorsien.



2 Missio: Stimulerende bedieningsplatform

Gee deur 'n aanlyn platform aan bedieningsleiers toegang tot 'n wye reeks produkte en hulpbronne om hulle in hulle bediening te ondersteun

Drie jaar gelede het BM missio.org.za, 'n aanlyn subskripsiegebaseerde bedieningsplatform vir gemeenteleiers, bekendgestel. Die eerste lidmaatskapplanne het gefokus op preekriglyne en liturgiese voorstelle vir predikante (*Woord en Fees*) en 'n aanlyn kategesereeks wat geloofsvorming by kinders en jongmense ondersteun (Jeugfokus Kategese+). Intussen het BM die Missio-platform se inhoudsaanbod uitgebrei met gemeentereekse, liturgiese hulpbronne en ander bedieningshulpmiddels.

Daarbenewens het Missio onlangs die tuiste van BM se kerkmusiek-koppelvlak geword. Dit help predikante, liturge en gemeentes se musikleiers om die regte Liedboek- of VONKK-liedere vir die erediens op te spoor. Dit vergemaklik ook toegang tot bladmusiek. Só word Missio verder ontwikkel om 'n eenstopdiens vir gemeenteleiers te wees.



±640
Gemeenteleiers
gebruik die platform
MISSIO.ORG.ZA



DIE BYBEL-MEDIA
MISSIO-SPAN

3 Aanlyn winkel

Bied 'n gebruikersvriendelike ervaring aan gelowiges wat ons aanlyn winkel besoek

BM se aanlyn winkel het 'n gevorderde soekfunksie en 'n wye reeks geestelike boeke, Bybelstudies, Bybels en gemeentehulpmiddels is hier beskikbaar, pasklaar gemaak vir jou en jou gemeente. Die winkel is selfoon-vriendelik en baie eenvoudig om te gebruik.

Daar is ook 'n WhatsApp-hulplynfunksie by die winkel. Dit stel jou in staat om direk vanaf die winkel deur WhatsApp met ons kontak te maak of hulp te vra. Ons aanlyn winkel het die afgelope finansiële jaar net minder as **117 000** webbesoeke gehad.



Tans is daar

622 **PRODUKTE IN BM SE AANLYN WINKEL** waarvan verskeie ander uitgewers se produkte is. Nuwe produkte word deurlopend bygevoeg.



4 Ondersteunende kerkjaar-produkte

Ondersteun gelowiges en gemeentes om gedurende die jaar deur Jesus se storie te reis met produkte wat by die kerkjaar se seisoene aansluit

BM se kerkjaarprodukte vestig en brei die bewussyn van die kerkjaar-ritme uit. Die bekende en gewilde *Woord en Fees* en *Leesrooster vir lidmate* vorm deel van BM se kerkjaarprodukte. Albei produkte is aanlyn beskikbaar by missio.org.za. Die *Leesrooster vir lidmate* is ook as PDF te koop vir gebruikers wat hierdie opsie verkies.

6 Boodskap vir Vandag

Bemoedig gelowiges wêreldwyd digitaal met die boodskap van Jesus



BM het die gewilde Boodskap vir Vandag-toepassing opgradeer om nog meer gebruikers-vriendelik te wees.

BOODSKAP VIR VANDAG het tans

6 685
APP-GEBRUIKERS &
239 300
WEBBESOEKERS

6 450 INTEKENAARS

ontvang elke dag per e-pos ons inspirerende Boodskap vir Vandag-dagstukkies.



Daar is vanjaar altesaam

1 390 250 OORDENKINGS uitgestuur.

5 Drie meerdoelige webwerwe

Ondersteun die daaglikse bediening van gemeentelidmate, leraars, musiekleiers en kategete deur weeklikse Bybelse, liturgiese en musiekhulpbronne

BM het drie meerdoelige digitale webwerwe (*multisites*) (bybelmedia.org.za, ngkerk.net en christians.co.za) wat dien as platforms vir sinodes, gemeentes, produkke en bedienings.

Die wye reeks webwerwe bedien tans BM se verskillende afdelings en die kerk in hulle funksionering. Ons verskaf weeklikse preekinhoud aan predikante en dagstukkies aan lidmate. Ons verkoop produkte aanlyn en stuur nuusbriewe namens sinodes uit.





7 Jaarboek en eJaarboek

Bemagtig kerkkantoorpersoneel met nuut bygewerkte inligting in 'n alles-in-een- en maklik-om-te-gebruik-boek en aanlyn platform

Vanaf Januarie 2026 is die volledige *Jaarboek* op 'n gebruikersvriendelike portaal beskikbaar op die Missio-platform (missio.org.za). Al die inligting van die gemeentes, leraars, ringe en sinodes is gedigitaliseer en op 'n eenvoudige platform met 'n soekfunksie geplaas. Die **eJaarboek** is 'n uiters nuttige hulpbron vir gemeentes.



438 EKSEMPLARE

van die 2026-*Jaarboek* is **verkoop**.

8 Impakvolle videogrepe

Versprei die evangelie deur mense se harte met video's en klankopnames aan te raak.

BM se video's en klankopnames word opgelaaai op een gekonsolideerde YouTube-kanaal van waar die video's binne stories "embed" word.

IN DIE AFGELOPE FINANSIËLE JAAR IS »

155

VIDEO'S vervaardig en gelaai.



9 Toeganklike kerkmusiek-hulpbronne

Help mense om God op nuwe maniere te loof en prys deur die voortgaande ontwikkeling van maklik toeganklike musiekhulpbronne

Saam met die twee sinodale taakspanne VONKK en FLAM, versamel, ontwikkel en voorsien BM hoëkwaliteit-kerkmusiek aan orreliste, gemeentes se musiekleiers, aanbiddingsleiers, orkeste en kore. Dit vergemaklik die gebruik van musiek in gemeentes se bediening.

BM se gebruikersvriendelike platform Missio (missio.org.za) bied aan gemeentes 'n wye verskeidenheid kerkmusiek op een platform. Wanneer jy jou musieklisensie uitneem, ontvang jy gratis toegang tot Kerkmusiek op Missio. Missio bied moeitelse toegang tot bladmusiek en klankopnames van liederes. Die soekfunksie maak dit vir liturgete, orreliste en musiekleiers maklik om liederes oor die volle liedereskat te kies, hetsy met behulp van 'n konkordansiesoektog of op grond van 'n rubriekindeling.

Voorheen is alle lisensies deur CCLI bestuur. Sedert 2023 het BM die bestuur van kerkmusiek lisensies oorgeneem. Church Music Licensing (CML) hanteer die lisensies namens BM. Die lisensie sluit in die regte tot die *Liedboek van die kerk*, *Psalms* en *Gesange* (ander Skrifberymings), VONKK en liederbundels soos *Die Halleluja*, *Sing onder mekaar* en *Jeugsangbundel* 1 en 2. CML bestuur ook die kopiereg, gebruik en tantieme vir ons liedkatalogus.



VONKK

Daar is tans **583** Vonkk-liedere op Missio onder Kerkmusiek.



FLAM MUSIEK-UITGEWERS

Daar is tans **717** liederes in die Flam-katalogus & **720** lisensie-houers.



LIEDBOEK VAN DIE KERK

1 338 gemeentes het lisensies vir die elektroniese projeksie van dié liederes.

10 Publikasies

Verdiep gelowiges se Bybelkennis en ondersteun hulle op hulle geloofsreis

Onder die drukname Bybelkor en Jeugfokus ontwikkel BM se publikasie-afdeling elke jaar 'n wye verskeidenheid Bybelstudies, Kinderbybels, ander kinderprodukte, Christelike leefstylboeke, gemeentereekse en ander hulpmiddels vir gemeentes, gemeenteleiers, groepe, lidmate, huisgesinne en jongmense. Ons werk nou saam met sinodale taakspanne, ander vennote en ons topskrywers. Ons ontwikkel ook nuwe skrywers.

Besoek gerus bybelmedia.org.za vir meer inligting oor al ons beskikbare produkte, asook interessante artikels en blogs wat met ons publikasies verband hou. Gaan lees ook daar meer oor ons skrywers.

BYBELKOR

Begelei gelowiges op hulle geloofspad deur betroubare hulpbronne te ontwikkel

BM probeer 'n balans handhaaf tussen gedrukte publikasies en digitale publikasies. Sommige produkte sal slegs aanlyn op 'n subskripsiegrondslag beskikbaar wees. Ander produkte sal in gedrukte formaat beskikbaar wees. 'n Paar produkte sal aanlyn sowel as in gedrukte formaat beskikbaar wees.

Ons hou altyd kliënte se behoeftes in gedagte wanneer ons besluit of 'n produk gedruk gaan word of digitaal beskikbaar sal wees.



In die afgelope finansiële jaar was daar:

11 nuwe **GEDRUKTE** boeke

2 nuwe **AANLYN** produkte



DIE BYBEL-MEDIA
PUBLIKASIE-SPAN

JEUGFOKUS KATEGESE+

Lei die jeug na Jesus en ondersteun hulle op hulle geestelike pad met 'n reeks kategorieprodukte vir alle ouderdomme

In hierdie finansiële jaar is daar gefokus op die ontwikkeling van Jeugfokus se sesde volledig aanlyn kategorie materiaal (**Jeugfokus Kategorie 26+**) vir gebruik in 2026.

KATEGIESE 26+

Bestaan uit 30 ontmoetings + riglyne vir die fasiliteerder + gespreksblaaie vir die kerkisante + hulpmiddels vir die aanbieding van die ontmoetings.



Jeugfokus Kategorie26+ is beskikbaar op missio.org.za

11 FaithStyle-webwerf

Ontwikkel dieper insig in jou unieke geloofstyl

BM se FaithStyle-vraelys bied aan gelowiges die geleentheid om dieper insig te ontwikkel in hulle unieke geloofstyl. Die FaithStyle-verslag wat gelowiges ontvang nadat hulle die vraelys ingevul het, help hulle om geloofswaarhede te integreer, verhoudings met ander mense te verdiep, hulleself beter te verstaan en te aanvaar en 'n impak in die wêreld te maak. Kollektiewe FaithStyle-verslae (wat al deur ongeveer 885 lidmate ingevul is) stel geloofsleiers in staat om bedieningsprioriteite vas te stel en spesifieke groepe se volgende stappe geloofsonderskeidend te bepaal.

Die FaithStyle-webwerf (www.faithstyle.co.za) is onlangs herontwerp om meer funksionaliteit in te bou.



12 Inhoudspan: LiG en Kerkbode

LiG

Roerende geloofsverhale, getuienisse en stories


LiG se webaanbod op lig.co.za trek steeds jaarliks byna 'n miljoen lese met



347 670

**UNIEKE
GEBRUIKERS**

wat in hierdie boekjaar **828 515** keer op hoofsaaklik getuienisse geklik het.



Conette le Roux vertel meer:

"Die getuienis wat die meeste gelees is, vertel die aangrypende verhaal van 'n ma wat oor haar 12-jarige se selfdood praat in 'n poging om boeliegedrag onder die soeklig te plaas."



**DIGITALE
INKOMSTE**

Aanlyn webbaniere ter waarde van

R15 315

is verkoop vanaf Maart 2025 tot einde Februarie 2026.



KERKBODE

Meer lig as hitte

Kerkbode dien die NG Kerk en 'n wyer digitale leserspubliek deur stories van gemeentes en geloofsleiers te vertel en deur die vinnige en betroubare verspreiding van amptelike nuus en vakatures.



Só bereik ons lesers:

3 500

mense is ingeteken op 'N WEEKLIKSE NUUSBRIEF

SOSIALEMEDIA-PLATFORMS het die **10 000-volgerkerf** oorskry.



Ons kry gemiddeld

18 912

**UNIEKE
GEBRUIKERS**

per maand wat ons webwerf en toepassing besoek.

Hulle **KLIEK** gemiddeld **53 353** keer per maand op ons inhoud, wat van kerknuus en lesersbydraes tot rubrieke en teologiese dinkstof deur vakkundiges insluit.*

MAART 2025 TOT FEBRUARIE 2026



222 582

unieke gebruikers



616 153

bladlese

MAART 2024 TOT FEBRUARIE 2025



122 829

unieke gebruikers



536 670

bladlese

Ons sien groei!

*Vanaf April 2025 tot einde Junie 2025 was daar 'n tegniese probleem met die skakel tussen Google Analytics en Kerkbode se webwerf. Dit het daartoe gelei dat ons webverkeer vir daardie tydperk as 'n maandelikse gemiddelde moet bereken op grond van die data vir die tydperk nadat die skakel herstel is (vanaf 1 Julie 2025).

SOSIALE MEDIA

Groeiversnelling en stewige platforms

Saam bereik Kerkbode en LiG maandeliks **meer as 150 000 mense** op sosiale media en toon sterk groei.



LiG »

f 11 445

nuwe Facebook-volgelinge (totaal 116 045)

@ 2 349

nuwe Instagram-volgelinge (totaal 23 957)

KERKBODE »

f 1 812

nuwe Facebook-volgelinge (totaal 9 909)

@ 111

nuwe Instagram-volgelinge (totaal 1 211)




MULTIMEDIA

LiG en Kerkbode sien kykers se voorliefde vir klank en kortformate raak

VIDEO

'n Groot deel van ons video-inhoud leef op BM se gedeelde YouTube-kanaal.

Die afgelope finansiële jaar is »



UDIO

Kerkbode Kollig (ons gereelde podsending) se luistertal groei! Binne twee jaar het ons met **meer as 60 episodes** 'n unieke Afrikaanse geloofs- en kerknuus-podsending gevestig. In die podsending kyk ons na aktuele sake en geloofsverhale.



Heléne Meissenheimer, aanbieder van Kollig en Kerkbode-joernalis vertel meer:

“Elke maand kom twee nuwe episodes by, een 'n geloofsverhaal of gesprek en die ander 'n aktuele paneelgesprek saam met dr Nioma Venter en gaste. Voorbeelde van sterk episodes sluit in gesprekke oor die NG Kerk se Gasa-skenking, polarisering in die samelewing en die gospelsanger Johnny Davids se persoonlike verhaal.”



SAMEWERKING TUSSEN LiG-PLATFORMS



Francine Prins, redakteur van LiG-tydskrif, vertel: “Die LiG-span probeer inhoud strategies op ons verskillende platforms publiseer. 'n Pragtige wisselwerking tussen die inhoud word verkry deur knap joernalistieke vaardighede, statistiese ontleding en insig in te span tydens ons weeklikse spanvergaderings en beplanningssessies.

“Ons fokus op soekenjinoptimalisering van immergroen-inhoud werp ook vrugte af. In die afgelope finansiële jaar het ongeveer 60 000 internetgebruikers op LiG se webwerf geland nadat hulle bepaalde soekterme ingetik het en ons inhoud prominent vertoon is deur die soek-reus Google se bepalende algoritme wat gehalte-inhoud aan soekers wil voorsien.”

DIGITALE UITBLINKERS

Spesiale projekte om dop te hou

#LIGLIEF ONTSLUIT DIGITALE INKOMSTE

#LiGLief is 'n multimedia-advertensie-pakket wat bestaan uit drie dele om te verseker dat adverteerders waarde vir geld kry. Die pakket bestaan uit:

1. **Sosiale media** » 'n 90-sekonde-videosensie
2. **Tradisioneel gedruk** » 'n kwartblad-advertensie in die gedrukte tydskrif
3. **Digitaal** » 'n webbanier op www.lig.co.za

Hierdie nuwe bemarkingsgeleentheid is in September 2025 bekendgestel. Tot dusver was daar »



14 **VELD TOGTE** met 'n totale inkomste van **R23 859**

#LEEFLIGTER LAAT DOMINEES OP ONS PLATFORMS GESELS OOR DIE TEMA: GOD SE WOORD EN EK

Meer as 20 leraars en sprekers vanuit vyf provinsies het deelgeneem aan 'n gesamentlike projek van LiG en Kerkbode wat kort oordenkings (60-90 sekondes) in videoformaat aanbied. Dit was reeds die sesde projek in die reeks, wat op 1 Desember 2025 begin het met die oog op die feesseisoen.



TOTALE REIKWYDTE 242 712

TOTALE KYKE 293 135

Daar was ook byna

10 000 **KOMMENTARE EN “SHARES”** op sosiale media.

LiG EN KERKBODE AS GEDRUKTE PUBLIKASIES

LiG en Kerkbode verskyn steeds in gedrukte formaat, hoewel die getal intekenaars vir albei onder volgehoute druk is.

Kerkbode verskyn maandeliks aanvullend tot die digitaal-eerste-berigging op die webwerf. LiG verskyn kwartaalliks op winkelrakke en word gestuur aan gemeentes wat intekenaars is.



FEITE OOR DIE GEDRUKTE KERKBODE

72 Gemeentes **TEKEN IN**
1 925 **BETAALDE OPLAAG**

VINNIGE FEITE OOR DIE GEDRUKTE LiG

±13 000 mense **KOOP ELKE KWARTAAL** die gedrukte LiG.

Dit sluit **rakverkope** en sowat **32 gemeentes se intekenaars** in. Getroue lesers is steeds bereid om vir hierdie puik produk te betaal. Dit beteken ons het ondanks die druk waaronder papierprodukte verkeer daarin geslaag om in die afgelope finansiële jaar **net meer as 50 000** tydskrifte te verkoop.

LiG Getuig is die **hoogtepunt** van al LiG se beste hoop- en geloofsverhale, saamgestel in een koffietafel-tydskrif. LiG Getuig is in Paastyd na winkels versprei en 60% van die tydskrifte is verkoop. Dit beteken ongeveer 3 000 mense het R110 vir so 'n tydskrif betaal. Getuienisse is die aanlyn inhoud wat die meeste gelees word. Met LiG Getuig het ons voelers uitgesteek om hierdie inhoud in gedrukte formaat aan te bied. Hierdie inisiatief het ons egter laat besef dat meer lesers gratis aanlyn inhoud verkies bo gedrukte formaat wat te koop aangebied word.



13 Herdrukke

Vergroot die impak van produkte met herdrukke en druk-op-aanvraag-proses

BM wil verseker dat geestelike hulpbronne nog jare lank beskikbaar sal wees deur dit in 'n digitale formaat om te skakel en boeke deur druk-op-aanvraag ("print on demand") beskikbaar te stel.

In die afgelope boekjaar het BM begin om meer van ons titels in PDF-formaat beskikbaar te stel. Dit kan gekoop word op die Missio-platform (missio.org.za). Hierdie inisiatief saam met die druk-op-aanvraag-proses sal dit moontlik maak dat BM se publikasies selde uit druk sal gaan.

HERDRUKKE

21 Bybel-Media/
Bybelkor-boeke &
31 Jeugfokus-
boeke

is die afgelope jaar herdruk.

15 Nuusbriewe

Maak mense bewus van topgehalte- geestelike produkte

BM het in hierdie boekjaar

207 500

NUUSBRIEWE

uitgestuur met inligting oor **nuwe Bybelkor-produkte, Jeugfokus-produkte, spesiale aanbiedings en BlackFriday.**



Die totale getal nuusbriewe wat die afgelope jaar uitgestuur is »

1 597 750



14 Fondswerwing

Kommunikeer met BM se toegewyde donateurskorps, deur wie se ruim bydraes al die mediabediensings moontlik is

Soos in die verlede, is die werk van BM in hierdie boekjaar weer gedra deur 'n toegewyde groep donateurs – Christene wat besonder vrygewig is en ons help om ons roeping te vervul. Sonder sulke lojale donateurs sou BM, as 'n nie-winsgewende organisasie, nie in staat wees om ons werk te doen en 'n verskil in duisende mense se lewe te maak nie.

BM maak staat op finansiële bydraes van goedgesinde individue en instansies om 'n impak te kan maak.

Die afgelope jaar is ons herhaaldelik verras deur die oop harte en oop hande van ons donateurskorps. Dit maak ons dankbaar vir die wonderlike voorreg om saam met honderde lojale donateurs te werk.

BM nooi jou om in jou testament 'n erflating met ewigheids waarde aan ons te bemaak. Só sal jy verseker dat Jesus se Goeie Nuus aan volgende generasies oorgedra word. Terselfdertyd sal jou Bybelse waardes, hoop en geloof ná jou dood bly voortleef en 'n blywende impak maak.

Besoek gerus www.bybelmedia.co.za vir meer inligting oor ons fondswerwingsprojekte.



16

Nehemia Bybelinstituut: Opleiding

Verryk die teologie en bemagtig die leiers van onafhanklike kerke in Suider-Afrika deur die Nehemiah Leadership Course, die Sokhanya Bible Ministry Programme en strategiese vennootskappe

NBI streef daarna om uitstekende akademiese ondersteuning aan kerkleiers en studente te bied en aan die QCTO se regulasies te voldoen. Deur die ondersteuning van BM se donateurs kon NBI daarin slaag om talle studente in Suid-Afrika en ander Afrikalande te dien. Dit getuig van die feit dat NBI as 'n betroubare vennoot beskou word.

NBI is geakkrediteer as 'n opvoedkundige opleidingsverskaffer. Die NBI-kursusse is by die Gehalteraad vir Ambagte en Beroepe (QCTO) as NQF Vlak 2- en 5-kursusse geakkrediteer tot en met 2028. NBI is ook lid van die Assosiasie van Christelike Godsdienspraktisyns (ACRP). Albei kursusse is goedgekeur as voortgesette professionele opleidingsprogramme van QCTO.

NBI ontwikkel voortdurend as 'n pastorale leierskap- en bedienings-instituut met 'n fokus op Afrika deur vennootskappe met sending-organisasies, gemeentes en opleidingsinstansies aan te gaan en die vertaling van niegeakkrediteerde en geakkrediteerde programme.

NBI het 'n vennootskap met Enterprise aan die Universiteit van Pretoria aangegaan en voorsien die sertifikate van die studente. NBI het geaffilieer met EKKLESIA aan die Universiteit Stellenbosch, wat die NBI-kursus as 'n oorbruggingskursus gebruik om studente vir 'n BTh-graad voor te berei.

LEERSENTRUMS

Verander die lewe van kerkleiers deur leersentrums in Suider-Afrika



NBI het vennootskappe met

43 LEERSENTRUMS
in Suid-Afrika.

445 STUDENTE is die
afgelope jaar bereik.

Planne is in plek geplaas om die fasiliteerders van die leersentrums se vaardighede te verskerp sodat hulle die studente doeltreffend kan oplei.

NBI BIED HIERDIE KURSUSSE AAN
IN DIE VOLGENDE VYF TALE »

Afrikaans, Engels, Zoeloe, Xhosa en Tsonga.

NBI HET DIE AFGELOPE JAAR



873
toetse
gemerk

&





123
sertifikate
uitgereik

NBI het onlangs nuwe kontrakte gesluit met nog twee vennote in Gauteng. Ons is ook besig om voor te berei vir 'n QCTO-oudit en is in gesprek met Hugonote Kollege vir sertifikate in die toekoms.



DIE NBI-SPAN



UITBREIDENDE AFRIKA-VOETSPoor

Maak 'n groot impak deur voetspoor na Afrikalande uit te brei

NBI het 'n voetspoor in Afrikalande en is baie dank verskuldig aan vennote wat dit moontlik maak, soos:

NAMIBIA EVANGELICAL THEOLOGICAL SEMINARY (NETS)
ESPERANÇA PARA NOVO REBENTO (ESPANOR)
MILANGE-MOZAMBIQUE
VOLTA-BIBLIA IN SUIDER-MOSAMBIEK
CHRISTIAN AUDIO-VISUAL ACTION (CAVA) IN ZIMBABWE
HOPE FOR AFRICA MISSION (HAM)

Belangrike vennote van NBI sluit in: vrywillige fasiliteerders, teoloë, opleidingsvennote soos universiteite en kolleges, missionale organisasies, kerke, pastore en leraars, en die Assosiasie van Christelike Godsdienspraktisyns (ACRP), 'n professionele instansie.

17 Bevrydende gevangenis-bedieningsmateriaal

Verander die lewe van gevangenes en bring hoop deur spesiaal ontwikkelde materiaal



NBI VOORSIEN BOEKE

aan **226** tronke in SA en bereik ongeveer

167 000 gevangenes.



DIE IMPAK VAN HIERDIE SPESIAAL ONTWIKKELDE MATERIAAL EN BEDIENING IS FEITLIK ONBEREKENBAAR. Dit maak 'n ongelooflike verskil in die lewe van mense in die tronk.

±400 mense het die afgelope boekjaar gebaat by die persoonlike aandag van NBI se **pastorale beraders en raadgevers** wat ondersteuning bied deur

KORRESPONDENSIE-BERADING IN MENSE SE MOEDERTAAL.



18 NBI-TRONKBEDIENINGS-KURSUSSE

in **8 verskillende tale** maak 'n sigbare verskil in die lewe van gevangenes wat hulle lewe en toekoms positief wil verander.



DIE AFGELOPE JAAR IS

150 nuwe **studente** geregistreer.

190 nuwe **kursusse** voltooi.

150 **sertifikate** uitgestuur.



Deur die welwillendheid van Atlete vir Christus word fondse ingesamel om NBI te ondersteun in hulle volgehoute pogings om nuwe boeke uit te gee en te vertaal. Só word die impak van hierdie uiters belangrike bediening verbreed. Die impak van NBI se werk is waarlik inspirerend. Besoek gerus Atlete vir Christus se webblad www.atletevirchristus.co.za om te ontdek hoe jy deel van hierdie opwindende bediening kan word en hoop en nuwe lewe kan bring aan dié wat dit die nodigste het.



18 Doeltreffende administrasie en finansiële bestuur

Hou Bybel-Media verantwoordbaar deur noukeurige finansiële bestuur en deursigtige prosesse

Administrasie en Finansies lewer 'n diens aan al die departemente binne die Bybel-Media Groep. Dit is hierdie departement se taak om verantwoording te doen oor alle finansiële aktiwiteite en dit deeglik te dokumenteer. Soos gewoonlik, het Administrasie en Finansies in hierdie afgelope boekjaar 'n uitstekende ouditverslag ontvang.

Donasies en erflatings is die lewensaar van Bybel-Media se werk. Elke bydrae, groot of klein, help ons om ons visie uit te leef: *Bybelstories in 'n kind se hand is die begin van 'n leeftyd saam met Jesus.*

Besoek www.bybelmedia.co.za om jou donasie te maak.



Die inspirerende Kanadese sanger-digter, liedjieskrywer en kitaarspeler **Bruce Cockburn** het oor dekades deel geword van **Francois Mulder** se geloofsreis, teologiese vorming en verstaan van musiek as draer van die Goeie Nuus. En nou, op Vrydag 16 Oktober, is Cockburn (81) se 39ste album wêreldwyd vrygestel.

Bruce Douglas Cockburn (uitgespreek Coburn) is op 27 Mei 1945 in Ottawa, Kanada, gebore. Hy het sy debuutalbum in 1970 uitgereik – een jaar ná my geboorte, die jaar waarna Bryan Adams dekades later in “Summer of ’69” sou terugverlang.

Kort nadat U2 se klankbaan-van-my-lewe album “The Joshua Tree” in 1987 uitgereik is, sing Bono op die opvolgalbum “Rattle and Hum” in die lied “God Part II” as volg:

“Heard a singer on the radio / Late last night / Says he’s gonna kick the darkness / Till it bleeds daylight. I, I believe in Love.”

Dit is natuurlik ’n aanhaling uit Bruce Cockburn se lied “Lovers in a Dangerous Time” vanaf sy 1984-album “Stealing Fire.” En só stel Bono my, as eerstejaar-teologiestudent aan Tukkies, bekend aan Kanada se besbewaarde geheim.

My uiteindelijke skripsie in 1994, onder leiding van prof Piet Meiring in die destydse Sendingwetenskap-departement, het “Rockmusiek en Christelike getuienis” ondersoek, met ’n spesifieke fokus op U2 en Bruce Cockburn. Hulle artistieke geloofsworstelinge en aktivisme, gekenmerk deur ’n Jakobus 1:27-geïnspireerde om die kunste lewenslank deel van my lewe, prediking en evangelisasie te maak.

Oriëntasie, disoriëntasie en reoriëntasie

Cockburn verwoord sy bekering in 1973 in die aangrypende lied “All the Diamonds”. Tot en met die album “Dancing in the Dragon’s Jaws” in 1979 besing hy sy geloof in verskeie liederes. Twee hoogtepunte uit dié era is sy 1976-lied “Lord of the Starfields” en “Festival of Friends” uit 1975, waarin hy sing: “Like an imitation of a good thing past / These days of darkness surely will not last / Jesus was here and He’s coming again / To lead us to His festival of friends.”

Vir dekades daarna, veral ontugter met die Amerikaanse kerk se flirtasie met politieke mag, word hy ’n baie kritiese stem in sy musiek teenoor die kerk. In sy 1981-lied “Justice” vra hy: “What’s been done in the name of Jesus?” Die koorgedeelte tref



hard: “Everybody loves to see justice done on somebody else.” In 1987 kritiseer hy in “Gospel of Bondage” ’n geloof wat in ideologie vasgevang raak, en vra: “When do we hear about forgiveness and love?” Gedurende dié tydperk is Cockburn se verhouding met die kerk beslis ongemaklik en gespanne.

Sy “terugkeer” kerk toe verwoord hy in die 2017-lied “Forty Years in the Wilderness” op die album “Bone on Bone”. In ’n onderhoud vertel hy: “I’d started to identify myself as a Christian in the 1970s, and here I was, 40 years later, back in church.”

In ’n tyd van wêreldwye polarisasie word sy 2020-lied “Orders” ’n wekroep aan gelowiges om die liefdesopdrag teenoor alle mense uit te leef – ook teenoor jou “vyande” en dié van wie jy polities of andersins verskil: “The list is long – as I recall – our orders said to love them all.”

Cockburn-Cohen-Dylan

Cockburn is legendaries vir sy eklektiese vermenging deur die jare van musiekstyle soos folk, jazz, reggae, blues, gospel, rock en wêreldmusiek. Sy politieke, geestelike en omgewingsbewuste lirieke maak van hom ’n unieke, onvoorspelbare kunstenaar.

Cockburn word dikwels in dieselfde asem genoem as sy mede-Kanadees Leonard Cohen asook die Amerikaanse folkmusiek-ikoon Bob Dylan. Hierdie drie troebadoere verteenwoordig drie uiteenlopende maniere waarop die Bybel, geloof, twyfel, geregtigheid en poësie in populêre musiek neerslag vind.

Ek het in 2025 berig oor die Cohen-konferensie by die Andrew Murray-sentrum vir Spiritualiteit (AMSS). Daar is na Cohen verwys as ’n soort moderne psalmis. Vanaf 20-21 Oktober, was dit Dylan (en Taylor Swift) se beurt by die “Slow Train Coming” konferensie by die AMSS. Dylan is beslis ook as ’n soort moderne profeet

getipeer. En Cockburn? Beslis albei: ’n psalmis én ’n profeet!

Cohen en Cockburn is opvallend naby mekaar in geestelike diepte, Kanadese identiteit, lang loopbane en literêre gehalte. Cockburn se geestelike reis is egter anders. Sy musiek is baie meer eksplisiet gevorm deur sy Christelike geloof asook deur sosiale geregtigheid, oorlog, armoede, menseregte en die skepping. Die Kanadese goewerneur-generaal beskryf hom treffend as ’n hedendaagse rondreisende troebadoer wie se liederes die onvrede van die moderne samelewing weerspieël, maar waaruit ’n diepgewortelde Christelike geloof na vore kom. Waar Cohen dikwels vra: “Waar is God in die donkerte?”, vra Cockburn: “Wat doen God se mense aan die donkerte?”

In kommersiële terme staan Cockburn se albumverkope waarskynlik in die skadu van Cohen en Dylan, hoewel ongeveer nege miljoen albums

oor 'n loopbaan enige verkoopsagent sou laat glimlag! Sy invloed, veral in Kanada en onder mede-kunstenaars wêreldwyd, kan egter nie aan verkoopsyfers gemeet word nie. Dertien Juno-toekennings (Kanada se ekwivalent vir die Grammy-toekennings), nege eredoktorsgrade en sy opname in die "Canadian Songwriters Hall of Fame" in 2017 getuig van 'n buitengewone loopbaan. Hy is ook in 1983 as 'n "Member of the Order of Canada" vereer en in 2003 tot "Officer" bevorder.

The Blood of Others

En nou in 2026, op 81-jarige ouderdom en 56 jaar ná sy debuutalbum, word sy 39ste album met 15 snitte wêreldwyd vrygestel. Dit wys opnuut op sy volgehoue en buitengewoon kreatiewe produktiwiteit. Album-vrystellingsdatum was Vrydag 16 Oktober.

Die album, getiteld "The Blood of Others", is Cockburn se eerste album wat uitsluitlik uit vertolkings van ander kunstenaars se liedjies bestaan. Dit is 'n musikale kaart van die landskap waaruit sy eie werk gegroei het: gospel- en bluesplate waarna hy as kind in Ottawa geluister het, die folkklubs en koffiewinkels waar hy sy eie stem begin vind het, en die mense en ontmoetings wat sy musikale verbeelding gevorm het.

"The Blood of Others" begin met "Wish I Was in Heaven Sitting Down", 'n gospel-lied van Robert Wilkins wat Cockburn die eerste keer op 'n versamelalbum in die vroeë sewentigerjare gehoor het. "Wilkins se kragtige bottelnek-kitaarspel en passievolle sang het hierdie gesprek met God onmiddellik onvergeetlik gemaak," sê hy.

Dan volg "As Time Goes By", die lied wat Herman Hupfeld geskryf het en wat vir altyd met die film "Casablanca" verbind sal wees. Cockburn het besluit om die oorspronklike inleiding ("preamble") in te sluit, maar gevoel dat dit 'n eietydse opdatering nodig het. Daarom het hy nuwe lirieke daarvoor geskryf:

"This day and age we are living in, gives cause for apprehension. With infinite dimensions and robot interventions. But we've grown a little weary with AI and quantum theory. We must get down to earth again, relax, relieve the tension. No matter what the progress or what may yet be proved. The basic facts of life are such they cannot be removed."

Elvis Presley se invloed is ook sterk teenwoordig op "The Blood of Others", veral in

"That's Alright". "Elvis Presley het die radio in Ottawa getref presies toe ek adolessensie bereik het," sê Cockburn. "Hy was natuurlik ongelooflik charismaties, maar dit was veral die kitaarspel daarop van Scotty Moore – soms onstuimig en soms teer – wat in my 'n brandende begeerte aangewakker het om dié instrument te bespeel."

Die emosionele kern van die album loop deur verskeie liedere wat met vormende persoonlike herinneringe verbind is. "God Bless the Child", die bekende lied van Billie Holiday en Arthur Herzog, dateer uit Cockburn se tienerjare toe hy die plaat met sy sakgeld gekoop het. "n Paar jaar later het ek Billie Holiday se oorspronklike weergawe gehoor," sê hy. "Teologies 'n bietjie van die merk af, maar 'n diep ontroerende uitdrukking van teleurstelling in die menslike spesie."

"Fare Thee Well" het sy eie verhaal wat die sirkel voltooi en Cockburn se vroegste musikale herinneringe verbind met 'n loopbaan-hoogtepunt dekades later. "Dit het weer by my opgekom toe ek dit saam met die

McGarrigle-susters by Pete Seeger se negentigste verjaardagviering in New York kon uitvoer," sê hy.

Ontdek die geheim

As jy deur hierdie artikel geprikkel is om na hierdie merkwaardige kunstenaar te luister en meer oor hom te lees, is hier 'n goeie begin: kry sy 2014-outobiografie, "Rumours of Glory", in die hande en begin luister na sy album "Greatest Hits (1970-2020)", wat op stromingsdienste beskikbaar is.

Sy liedere – veral "Lovers in a Dangerous Time", "Wondering Where the Lions Are", "If I Had a

Rocket Launcher", "Pacing the Cage" en "Last Night of the World" – bly belangrike bakens in die Kanadese liedjieskryfkuns. Sy liedere is opgeneem of uitgevoer deur uiteenlopende kunstenaars soos die Barenaked Ladies, Jimmy Buffett, Jerry Garcia, Anne Murray, Dan Fogelberg, Bonnie Raitt, k.d. lang en Crosby, Stills & Nash.

Sy kreatiewe nalatenskap het voortgegroei met sy vorige ateljee-album, "O Sun O Moon", wat hy in Nashville saam met sy jarelange vervaardiger Colin Linden opgeneem het. "Time takes its toll, but in my soul I'm on a roll," sing Cockburn op die album se openingsnit – 'n reël wat net sowel die rustelose nuuskierigheid agter "The Blood of Others" kon beskryf.

Ds Francois Mulder is al 32 jaar predikant, waarvan 20 jaar in Blancogemeente, George.

Terug na die toekoms

'n Seisoen van sinodes

JOHAN VAN DER MERWE

Oktobermaand is in 2026 nie net Jakarandatyd in die noorde van die land nie. Dit is ook tyd vir die vergaderings van die streeksinodes. Binne enkele dae het Oostelike Sinode, Noordelike Sinode en Hoëveld Sinode vergader terwyl Noord-Kaapland se vergadering ook pas verby is. Hierdie vergaderings plaas 'n belangrike vraag op die tafel: "Wat maak dit, en natuurlik ook die vergaderings van ander streeksinodes belangrik?"

Om op hierdie vraag te antwoord moet 'n mens eerstens kyk na die samestelling en funksie van die vergaderings. In teenstelling met die Algemene Sinode wat uit sinodes saamgestel word, word die streeksinodes uit gemeentes saamgestel. Dit beteken dat elke gemeente in die bepaalde geografiese streek verteenwoordiging op die vergadering het. Die kerkorde stel dit soos volg:

Artikel 32.1 Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader.

Afgevaardigdes bestaan ook nie net uit predikante nie. Die afvaardigings van gemeentes moet uit 'n gelyke getal predikante en kerkraadslede bestaan. Die gevolg is dat verteenwoordiging van grondvlak uit gemeentes plaasvind. Om wat te doen? In 'n neutredop saamgevat: Om te sorg vir die voortgang en koördinering van bediening in 'n bepaalde streek. Die sinodes is daar vir gemeentes en tot diens van gemeentes en nie om "baas te speel" nie. Sinodes is verantwoordelik vir hulle eie streekgebonde bepalings, die hantering van appêlsake, aanwys van afgevaardigdes na die Algemene Sinode, teologiese opleiding en die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, mits "die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie."

Die belangrikheid van die streeksinodes lê verder in hulle historiese oorsprong. Die ontstaan daarvan gaan so ver terug as 1862 toe die Loedolff-saak veroorsaak het dat die gemeentes in die "Transgariep" die Kaapse sinode moes verlaat. Gemeentes in die Vrystaat, Natal en Transvaal het selfstandige sinodes gevorm wat bediening in die onderskeie gebiede bevorder het. Miskien is dit waar die grootste wins van streeksinodes lê: bediening in 'n spesifieke streek! Niemand kan die enorme diversiteit in Suid-Afrika in terme van taal, kultuur en ekosisteme ontken nie. Op die Hoëveld van Mpumalanga met sy oopgroef steenkoolmyne is die uitdagings wat aan gemeentes gestel word, heel anders as dit wat in die Karoo of die Wes-Kaap aan gemeentes gestel word. Die verskillende sinodes maak dit moontlik om hierdie diversiteit te omarm sodat gemeentes in die verskillende streke gehelp kan word om optimaal kerk van Jesus Christus te wees.

Die tema van die sitting van die Noordelike Sinode verwoord dit gepas: Droomdraers: onthou, verbeel en leef! So verstaan is sinodes nie maar net vergaderings wat moet plaasvind nie, maar die breë kerk in 'n bepaalde streek van Suid-Afrika in aksie tot eer van die Koning van die kerk.

Prof Johan van der Merwe doseer Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria en is 'n voormalige aktuarius van die NG Kerk.



Sy musiek is baie meer eksplisiet gevorm deur sy Christelike geloof asook deur sosiale geregtigheid, oorlog, armoede, menseregte en die skepping.

Wanneer twyfel geloof vorm

Where are you, God? My wife has cancer – A memoir of faith and suffering when the answers no longer come deur Michael Janse van Rensburg

Uitgewer: MLTD Janse van Rensburg Publishing, 2026

Resensent: Melinda Venter

Where are you, God? neem die leser op 'n eerlike en heerlike reis deur geloof en twyfel, vroe en antwoorde. Die sentrale gedagte is eenvoudig, maar diep en wyd en breed: Twyfel is nie die afwesigheid van geloof nie, maar juis die aanwesigheid van geloof.

Die skrywer waag dit om die vroe te vra wat baie gelowiges in tye van swaarkry en seerkry in stilte vra: “Waar is God?”

Deur die verhale van Bybelse figure word daar gewys en bewys dat geloof nooit 'n reguit pad is nie. Dit is 'n reis van vroe, vrese, onsekerheid, struikel, stoei, stry en weer opstaan. Hulle twyfel het hulle nie van God verwyder nie; dit het dikwels juis aanleiding gegee tot die feit dat hulle by en naby Hom kom.

Janse van Rensburg herinner die leser daaraan dat twyfel nie ongelooft is nie. Waar ongelooft jou rug op God

draai, kyk twyfel steeds na Hom en vra: “Here, help my om te glo.” Só word twyfel nie 'n hindernis nie, maar 'n brug na 'n meer eerlike en dieper geloof.


Hierdie werk se krag lê daarin dat dit geloof nie as 'n volmaakte sekerheid voorstel nie, maar as 'n lewende verhouding met God – een waarin daar ruimte is vir vroe, vrese en onsekerheid.

Uiteindelik laat die boek 'n mens met 'n betekenisvolle perspektief: Geloof wat deur twyfel gevorm is, is nie 'n swakker geloof nie, maar 'n sterker geloof.

Die skryfstyl is besonder menslik en intiem. Veral die spanning tussen geloof en stilte word treffend uitgebeeld. Hierdie is nie bloot 'n handboek oor die stry en stryd teen kanker nie; dit is 'n “hartboek” wat handel oor wat dit beteken om God te soek en te vind wanneer die antwoorde minder is as die vroe wat gevra word. Dit is 'n roerende leeservaring wat elke leser wat al met lyding, leed en onbeantwoorde gebed geworstel het, sal aanraak.

Beskikbaar by Amazon.

Ds Melinda Venter is predikant by die NG Kerk Goodwoodpark.



Skrywer ry 36 000 km op die spoor van bekende kerkargitek se nalatenskap:

Dominees, eiendoms-kommissies en kerkrade móét dié boek lees

Op die spoor van kerkargitek Wynand H Louw deur Albert B Geldenhuys
Uitgewer: Naledi, 2026
Resensent: Jan Lubbe

In 2016 vertrek Albert Geldenhuys met sy vrou Maretha en 'n kamera op 'n reis deur Suid-Afrika. Méér presies: Agt “kerktoere”, 36 000 km en 160 kerkgeboue *Op die spoor van kerkargitek Wynand H Louw*, sy oupa (1883-1967).

Die skrywer noem sy oupa tereg “eerste Afrikaner-argitek”: Louw studeer af as eerste Afrikaanssprekende deur die Britse Argitek Assosiasie. Twee van sy ooms – di Attie Louw en PGJ Meiring – was leiersfigure in die NG Kerk en hyself is intens betrokke by die Helpmekaar- en Pieter Neethlingfondse; tussen 1920 en 1950 was “kerkbou nasiebou”. In 1940 ontvang Louw dan ook die erepenning van die SA Akademie vir “Boukuns”. Sy kleinseun Albert se reis na binne en eergister, begin “toevallig” toe hulle by familie in die Oos-Vrystaat verneem dat die NG Kerk Betlehem-Wes, wat hulle 'n dag tevore bewonder het, deur sy oupa

WH Louw ontwerp is. Dit word 'n reis wat hulle neem van die NG Kerk Strand tot die NG Kerk Pietersburg in die verre noorde; van Pofadder in Namakwaland tot Dundee in Natal. Ook na Gereformeerde Kerke wat deur Louw ontwerp is, soos Vryburg s'n en Reddersburg, én na “die sinagoge vir die Hebreeuse gemeente” in die Paarl (1919)! Gaandeweg begin Geldenhuys homself afvra: Hoe het sy oupa aan dié kerkgeboue wat hy ontwerp het, gedink? “Domus Dei” of “domus ecclesiae”?

Die boek met 'n somerse foto van daardie Betlehem-Wes NG Kerk op die voorblad, vertel eers die verhaal van die Louw-familie en Wynand self. Die tweede deel gee 'n oorsig van die agt “kerktoere”, met foto's van al die Louw-kerkontwerpe, en eindig met die veelseggende vraag: Quo vadis? Deel drie is 'n voëlvlug oor die geskiedenis van kerkbou, en dit is hier dat die teologiese vraag opduik: Is dit “huis van God” (soos die tempel in Jerusalem) of “huis van die gemeente” (plek van ontmoeting)? Geldenhuys kies laasgenoemde, maar nie sonder om oor die estetika, die “heiligheid en mistiek” in kerkargitektuur te skryf


nie. Omdat hy nou, in 'n ander eeu, rondom soveel van die Louw-kerke varke en bokke in dorpstrate vol slaggate sien ronddwaal; die verval? Slapende haweloses op die kerktrapies. Dit is by die NG Kerk Boksburg – een van die eerste vyf Louw-kerke (1912) waaruit 60 ander gemeentes afgestig het (!) – dat Geldenhuys opteken: “Mens wonder tog of die dogters van die Moeder nie besorgd is oor haar nie?” En naby Loxton: “O dor en droewe land, jou tyd loop uit...”

Op die spoor van kerkargitek WH Louw is 'n lekkerlees reisverhaal met 'n goeie skeut genealogie, anekdotes en familieherinneringe ingemeng. Dit berus op uitgebreide bronnestudie én persoonlike indrukke regdeur die land. By soveel kerkgeboue was daar steeds tuiniers, kosterse en orreliste

wat trots die kerkhekke en -deure oopgesluit het! Wat die leser onvermydelik by die vraag oor die toekoms van die Louw-nalatenskap – ons NG Kerke, “die domus ecclesiae in soveel dorpe en buurte” – bring. Geldenhuys noem die opsies van gemeenskapsentrums en kerktoerisme (eerder as sloping!), maar kies tot slot 'n gebed van sy oupa Wynand Louw: “Lei my voete... en dié van geslagte wat nog sal wees, op die pad wat lei na U land, na die koninkryk van God, reeds op hierdie aarde.” Dominees, eiendoms-kommissies en kerkrade moet dié boek lees.

Beskikbaar by Naledi.

Ds Jan Lubbe is predikant van die NG Gemeente Berg-en-Dal en voorsitter van die Algemene Sinode Moderamen.



Rethie van Niekerk gesels met Cas Wepener:

Paradokse, liefde en vismotte

“Caspaaruuuuus”, hoor ek nog vir prof Johann Cook (ons dosent in Semitiese tale) roep in die gange van die Universiteit Stellenbosch. Vandag is Cas Wepener self ’n professor in Praktiese Teologie (spesifiek preekkunde) aan dieselfde universiteit, asook ’n kranige skrywer. Na die publikasie van sy jongste werk, *Halfpad deur die lewe* (’n besondere refleksie en gids oor die boek Prediker, uitgegee deur Bybelkor in 2026 – sien resensie), besluit ek verdere gesprek is nodig.

Wepener vertel hoe sy werk met studente hom energieer, voordat die gesprek draai na sy publikasies. “Dit is ’n verskriklike voorreg en baie lekker om met [studente] te werk. Hulle het ’n unieke stuk energie wat nie almal in die lewe het nie. Dis ook lekker om al die studente van 17 of 20 jaar gelede vandag te sien. Ek ken so baie van daai studente. Maar om dan te sien wat hulle doen en wat geword het van hulle, dit gee nogals vir my die meeste energie.”

Wanneer ons gesels oor sy skryfwerk, beskryf hy hoe hy dink aan sy skryfwerk as verskillende vlakke: Daar is natuurlik die akademiese skryfwerk. Dan is daar wat hy noem “professioneel skryf”, vir predikante en gemeentes. Daar is ook die populêre skryfwerk, wat hy waarskynlik die meeste geniet. Die vryheid van fiksie skryf gee vir hom energie. “Daarsonder sal ek nie oorleef nie”. Wat die fiksie betref, het hy “een kortverhaalbundeltjie en vier romans” onder die belt, maar “die laaste een lê nou al ver in die verlede. Ek wil graag weer daarby uitkom.”

Ek kan nie die versoeking weerstaan om te vra oor sy liefde vir Karel Schoeman nie – iets wat dikwels in sy werk deurskyn. Sy wenkbroue lig vir ’n oomblik, voordat hy sy rekenaar se kamera draai. Daar, op die muur van sy studeerkamer, pryk twee groot kunswerke van Schoeman. “Ek het hom ontdek in ons studentejare. Daar is ’n misterie en ritme in sy werk wat ek nog nie by die ander raakgelees het nie. Ek het net besef, sjoe, hier is iets heeltemal anders. Dit het verskriklik met my geresoneer en by my gebly.” Oor tyd werk Wepener deur Schoeman se hele oeuvre. Hy vertel dat Schoeman aanvanklik ’n priester wou word en verbind dit aan ’n roepingslyn wat deur Schoeman se werke loop. “Dit is amper asof in hom en in sy tekste liturgie en letterkunde saamloop. Jy kan dit optel in sy sinne. Hy het sulke lang sinne, maar as jy dit lank lees soos in Die uur van die engel, raak dit amper soos ’n inkantasie. Dit vorm jou. Jou asemhaling verander. So goed is hy. Hy vat vir jou so in die ritme in. Dis ’n liturgiese lees.”

Nadat ek wys hoe ’n paar van Wepener se skrywes oor liturgie altyd binne reikafstand van my lessenaar staan, draai ons gesprek na Halfpad deur die lewe. Ons gesels oor die aangrypende etse deur Wessel van Dyk. “Dit het veral begin met die vismot,” verduidelik Wepener.

“Ek het vir Wessel gesê hierdie vismot het my nou onkant gevang. Toe sê ons: hoekom maak jy nie vir ons ’n vismot nie? Ek het gedink dit kan baie lekker werk saam met die tekste. Dit is so ’n dun boek, die tipe inhoud wat ek self so vinnig sal deurlees en dat ek nie eens oormôre gaan onthou ek het dit gelees nie. Maar ’n vismot en ’n vlieg kan my dalk help om net so ’n bietjie vas te hou, op ’n Prediker-manier.”


Ek vra oor die dubbelsinnigheid van die lewe, een van die temas in Halfpad. “Van Wyk Louw het dit mooi gestel: dit gaan oor die kuns om ironies te leer lewe, maar ten spyte daarvan die liefde te behou. So Prediker doen presies wat Van Wyk Louw sê. Kyk, hy weerspreek homself kort-kort en daarvan hou ek. Hy sê die lewe is sinloos en dan sê hy: geniet dit voluit! Eet jou brood met vreugde en drink jou wyn met ’n vrolike hart, laat jou klere wit wees. Maar dis alles sinloos. As jy die teks mooi kyk, sê hy die lewe is eintlik ’n reeks paradokse. Ek dink as jy so ’n paar halfpadmerke beleef het, dan weet jy die lewe is ’n klomp paradokse, maar indien ’n mens kan leef te midde van die paradokse, is dit vir my persoonlik van die diepste hoop wat daar is. Om dit te kan omhels en om ironies te kan leer lewe. Wat ek uiteinde-lik by Prediker hoor is dat die sin van die lewe is om te lewe, maar om terwyl jy dit doen die liefde te behou.”

Ek haal ’n sin uit Halfpad aan: “Pyn kan ’n geslote wêreldbeeld perforeer en meer sakramenteel maak.” Wepener verwys na die boek wat hy oor Karel Schoeman geskryf het (*Die reis gaan inwaarts*). In dié boek het Wepener onder andere gekyk wat Schoeman doen met sy dominee-karakters, waarvan daar heelwat is. “In Schoeman, elke keer as dominees die dood hanteer, reis hulle dieper inwaarts. Hy gebruik ook die woorde. Dan begin hierdie halfpadmerk in die lewe en begin hulle dieper reis en ontdek hulle eintlik die sakramentele tekstuur van die lewe.”

Natuurlik wil ek ook praat oor die vismot. In Halfpad sê Wepener dat hy die boek skryf vir vismotte. “As jou werk vergaan vir vismotte, wat hoop jy om agter te laat?” wil ek weet. “Die vraag wat die ou prof Prediker in die laaste deel van die boek vra: wat bly uiteinde-lik,” antwoord Wepener. “Dan is die antwoord: Sy boeke gaan deur die vismot opgevreet word en sy PhD-student kan nie wag om sy werk te vat nie. Al wat gaan bly, is die monumente van liefde. Ek dink al wat gaan bly is hoe het ek toe op daai Woensdag daai derdejaarstudente hanteer. Dis al wat saak maak.”

Terwyl ek my waardering uitspreek vir die besondere werk wat *Halfpad* is, wonder ek ook hoeveel die afdrukke van Wessel van Dyk se werk kos. R450 elk, R4 500 vir die stel van 12, vind ek later uit.

Ds Rethie van Niekerk is predikant by die NG Gemeente Driehoek in Vanderbijlpark.



Halfpad deur die lewe: Wysheid vir wanneer die lewe jou stilmaak

Deur Cas Wepener

Uitgewer: Bybelkor, 2026

Resensent: Rethie van Niekerk

Moenie dat hierdie skat ongemerk by jou verbyglip nie! In hierdie boek lê diep wysheid aan die hand van die boek Prediker opgesluit, verpak vir maklike gebruik deur kleingroepe, vir stiltetyd of as reekse in gemeentes.

Wepener se manier van omgaan met woorde skilder ’n aangrypende verstaan van die lewe. Gekombineer met etse deur Wessel van Dyk gee Halfpad deur die lewe vir die leser genoeg woorde om te lees, hulpmiddels om te oordink, besondere insig in die boek Prediker en ’n diepe verstaan van die skoonheid van ’n vlietende lewe.

Volgens Wepener is die wysheid van die Prediker op heelwording gemik. Hy beskryf hierdie “heelwording” met die woorde van Ronald Grimes: “To be healed, is to be reconnected.”

Saam met die Prediker, tussen dooie vismotte, paradokse en heilige modder, begelei Wepener sy leser om – stadig (“hang aan ’n tak”), prakties, Bybels, beeldskoon – deur vyf herverbintnisse te gaan: ek en God; ek en ek; ek en dinge; ek en ons; ek en jy.

Of jy nou Halfpad deur die lewe is of nog nie – hierdie boek is ’n kosbare kleinood wat besondere wysheid ontgin.

Bestel die boek (R160) aanlyn by Bybel-Media .

Oor ProNutro en prototipes:

Wat gemeentes moet weet oor verandering wat mense meevoer eerder as vervreem

'Sosiale kohesie' beteken nie dat almal dieselfde dink nie. Dit gaan oor vertroue, deelname en die ervaring, skryf **Joe Janse van Rensburg**.

Daar is min dinge meer Suid-Afrikaans as 'n bak ProNutro.

Vir 64 jaar was dit deel van mense se oggende. Toe moes die produk verander. PepsiCo het verduidelik dat verouderde toerusting en 'n nuwe, meer volhoubare vervaardigingsproses dit noodsaaklik gemaak het. Volgens die maatskappy is uitgebreide verbruikersnavorsing ook gedoen.

Die nuwe verpakking het die verandering aangekondig: "New Generation ProNutro" en "New Taste & Texture." Tog was die reaksie sterk toe die produk op winkelrakke verskyn. Verbruikers het veral oor die smaak en tekstuur gekla. Uiteindelik is aangekondig dat ProNutro in Suid-Afrika gestaak gaan word.

Dit laat 'n belangrike vraag ontstaan: Is daar 'n verskil tussen om mense oor verandering in te lig en om hulle daardeur te begelei?

Die probleem was moontlik nie bloot dat ProNutro verander het nie. Miskien het verbruikers nie genoeg deel van die proses gevoel nie.

Twee kante van verandering

Kodak en Nokia illustreer 'n ander aspek van verandering.

Kodak was nie onbewus van digitale fotografie nie. Die maatskappy was selfs betrokke by die ontwikkeling van vroeë digitale tegnologie. Tog kon hulle nie hulle bestaande sakemodel betyds by die nuwe werklikheid aanpas nie.

Nokia het die selffoonmark oorheers, maar die opkoms van slimfone en nuwe digitale platforms het hulle onvoorbereid gelaat.

Die les is dus nie eenvoudig: "Verander vinniger."

ProNutro herinner ons daaraan dat verandering ook verkeerd kan land wanneer dit mense vervreem.

Een gevaar is om te lank vas te hou aan die bekende. 'n Ander is om so vinnig te beweeg dat mense nie kan bybly nie.

Van ProNutro tot Prototipe

Die woordspeling tussen "PROnutro" en "PROtotype" bied 'n nuttige manier om oor vernuwing te dink.

'n Prototipe is nie 'n voltooide produk nie. Dit is 'n eerste weergawe wat getoets en verbeter kan word.

Jy probeer, luister, leer en pas aan. Daarna probeer jy weer.

Daarin lê 'n belangrike vorm van nederigheid. 'n Prototipe erken: "Ons glo hierdie is die regte rigting, maar ons weet dat ons nog iets kan ontdek."

Dieselfde ingesteldheid kan kerke en organisasies help om verandering te benader.

Mense beweeg makliker saam wanneer hulle die rede vir 'n besluit verstaan, wanneer hulle ervaar dat hulle stem gehoor word en wanneer hulle 'n betekenisvolle plek in die proses het.

Dit beteken egter nie dat leiers elke voorstel moet aanvaar nie. As almal se opinies ingewin word, ontstaan daar



Detail uit 'n spotprent van Dr. Jack wat op 26 September vanjaar in Die Burger verskyn het.

dikwels talle uiteenlopende antwoorde. Leierskap vereis steeds onderskeiding en besluitneming.

Die belangrike vraag is: "Wat moet ek verstaan voordat 'n besluit geneem word?"

Luister help leiers om patrone, vrese en moontlike gevolge raak te sien. Daarna moet hulle die rigting bepaal en verantwoordelikheid daarvoor neem.

Ek het dit onlangs weer raakgesien tydens die Advancing Social Cohesion-kursus by Hugonote Kollege onder leiding van Louise Fouché. Sosiale kohesie beteken nie dat almal dieselfde dink nie. Dit gaan oor ver-

troue, deelname en die ervaring dat mense binne 'n gemeenskap 'n plek het. Ek stel hierdie kursus vir enige leier voor.

En die kerk?

Kerke kan nie stilstaan nie, maar hulle kan maklik tussen twee uiterstes beland: "Ons doen dit nog altyd so." OF "Ons moet alles verander."

Die uitdaging is om te onderskei wat behoue moet bly, wat laat vaar moet word en waar nuwe moontlikhede getoets kan word.

Nie elke verandering hoef dadelik as 'n finale oplossing aangebied te word nie. Soms is dit wyser om eers 'n prototipe te ontwikkel:

Klein genoeg om te toets.

Nederig genoeg om aan te pas.

Moedig genoeg om weer te probeer.

Die kernvraag is daarom nie bloot of ons moet verander nie. Die belangriker vraag is: Hoe beweeg ons mense saam?

Goeie vernuwing begin moontlik wanneer ons bereid is om te sê: "Ons weet waarheen ons wil beweeg, maar ons is bereid om saam met ander te leer hoe om daar uit te kom."

Verandering wat mense agterlaat, is bloot beweging; verandering wat mense saamneem, word werklike vernuwing vir almal.

Ds Joe Janse van Rensburg is gemeentelieder: NG Gemeente Jeffreysbaai.

Verstaan die Ou testament Die weerloosheid van vroue

SIAS MEYER

Ons het onlangs opnuut bewus geword van hoe weerloos vroue in ons samelewing is. Tans leef vroue aan die Oos-Rand in vrees, maar dit is eintlik waar vir alle vroue in die hele Suid-Afrika. Vanjaar moes ons ook hoor van een van ons susterskerke wat nog steeds nie so ver kan kom om vroue as predikante te orden nie. 'n Kerk wat vroue van die kansel af hou, bedoel dit nie as geweld nie. Maar dit bevestig, al is dit onbedoeld, 'n wêreld waarin mans van selfsprekend die laaste woord het, en dit is dieselfde wêreld waarin geweld teen vroue gedy. Dit is die wêreld van

patriargie.

My gunsteling definisie van feminisme wat toegeskryf word aan Marie Shear is ietwat tong in die kies: "Feminism is the radical notion that women are people." Dink die Bybel wat in 'n patriargale wêreld ontstaan het ook dat vroue mense is? Wel, soort van soms. Die Bybel is veelstemmig.

Aan die donker kant is die Bybel vol verhale wat vertel van 'n patriargale wêreld waar mans mag uitgeoefen het oor vroue en waar vroue gesien is as die besittings van mans. Dink maar aan die tiende gebod! Die vrou word saam met die huis, die slawe en die plaasdiere gekategoriseer.

Aan die ander kant is daar die

eerste skeppingsverhaal wat duidelik sê dat die mens, manlik en vroulik, na die beeld van God gemaak is (Gen 1:27). Of Paulus wat 'n ou doopformule aanhaal wat aanspraak maak daarop dat almal kinders van God is en dat daar nie meer "Jood of Griek, slaaf of vryman, manlik of vroulik is nie" (Gal 3:28). Maar dieselfde Paulus maak ook vroue stil in 1 Korintiërs 14:34-35. En die priesterlike skrywers van Genesis 1 heg baie meer waarde aan mans as aan vroue (Lev 12:4-5). Veelstemmig inderdaad!

So, wat het in kerke gebeur wat wel vroue orden en hulle toelaat om te praat? Die verandering is soortgelyk aan die verskuiwing in die kerk se

siening oor slawerny wat ook maar relatief onlangs (ongeveer 200 jaar gelede) gebeur het. Kerke het begin verstaan dat patriargie (soos slawerny) eintlik teenstrydig is met die evangelie. Wat is dan die evangelie?

"Alle mense is na God se beeld gemaak. Alle mense se verhouding met God het skeefgeloop. Jesus se lewe, dood en opstanding maak 'n nuwe verhouding met God moontlik vir alle mense! Alle mense!"

En vroue is ook mense.

Prof Sias Meyer doseer Ou Testament aan die Universiteit van Pretoria.

Van Kerkmusiek na Godsontmoeting


Vyfde Evangelie

R340

In hierdie boek bring die uitstekende musikoloog Riaan Steyn die teorie en praktyk van die teologie en musikologie op 'n betekenisvolle manier saam.

Met praktiese rigtingwysers vir aanbiddingsvernuwing help hy die kerk om haar musiekbediening sinvol te ontwikkel. 'n Onontbeerlike boek wat 'n vormende en vernuwende impak op gemeentes se musiekbediening en gelowiges se Godservaring sal hê.

Rigtingwysers vir aanbiddingsvernuwing



BESTEL VOOR 30 NOVEMBER 2026 EN BETAAL SLEGS R399

Bestel per e-pos by bestel@bmedia.co.za



R430

Jaarboek 2027

Jaarboek van die NG Kerke 2027 verskaf al die belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate. Dit bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland.

Nou ook aanlyn beskikbaar!

Kry volledige toegang tot die **eJaarboek** op www.missio.org.za en bly so op hoogte van al die belangrike inligting van die NG Kerkfamilie.

Gebruikersvriendelik | Toeganklik | Gerieflik





Swanepoel, Winckler en MacMaster trap versigtig by Woordfees-gesprek wat wye draaie gooi

LE ROUX SCHOEMAN

“Ons moenie naïef wees om te dink as ons sê ‘die Bybel (sê só),’ dan gaan almal saamstem nie,” het dr Llewellyn MacMaster onlangs by die Woordfees op Stellenbosch in ’n uurlange paneelgesprek oor Christelike Nasiona- lisme en “die kerk se profetiese stem” gewaarsku.

Die afgetrede VGK-teoloog en aktivis het teenoor gespreksgenote ds Rudi Swanepoel en die sanger-pastoor Heinz Winckler gesê: “Ons het dit goed geleer deur die geskiedenis. Dit vat iets meer as net om dit te sê.”

Swanepoel is bekommerd oor wat hy beskryf as “die ongelooflike groot invloed wat die regse VSA op die wêreld, op die Weste en ook op SA het.”

Die NG dominee van Johannesburg het ’n uitgebreide beeld van ’n pad met verskillende padtekens daarlangs gebruik om uit te kom by dié punt, wat ’n beroep op sy eie kerkverband insluit: “Daar moet nou ’n pertinente, onignoreerbare stopteken wees rondom wit Christelike Nasiona- lisme.” Hy het bygevoeg: “En ek dink regtig, en ek moet dit dalk sagter sê, die NG kerk is een van die stemme in die wêreld wat nou moet sê, moenie op daai pad (wit Christelike Nasiona- lisme) loop nie. Dit het nie gewerk nie en ons pluk nou nog die vrugte van daai pad.”



Winckler het met ’n meer a-histo- riese verstaan van Christelike Nasi- onalisme gewerk om te sê Christene “volg Jesus” en nasionalisme is die strewe om die welstand van alle | burgers te bevorder. “So Christelike Nasiona- lisme beteken nie noodwen- dig of enigsins rasgebaseerde nasion- alisme nie. Trouens rassisme is lynreg teen Bybelse Christenskap ...”

Sowat 150 mense het Maandag- middag 5 Oktober om 14:30 na die gesprek kom kyk. Die gespreksleier, dr Johan van der Merwe van Moeder- kerk, het ter inleiding gesê dit is ’n geleentheid om te dink oor sake en dit

dan ook te korreleer met geloofsper- spektiewe in die hoop dat ’n mens “dan iewers in die proses vorentoe gaan”.

Van der Merwe wou onder meer by sy gaste hoor hoe dit moontlik is dat mense kan verskil as die Bybel die fondament vorm van wat hulle sê? Winckler se antwoord was dat mense “verskil wanneer hulle gunstige vooroordeel (*confirmation bias*) het voor hulle die Woord lees. Dan soek hulle die goed wat hulle raamwerk pas en hulle leefstyl pas en dan kry hulle konflik.”

Van der Merwe vra toe: “Kan jy

ontslae raak van jou *confirmation bias*?”

“Ja, as jy meer tyd deurbring in die Woord,” het Winckler begin en uitgebrei op die tema van bekering en heiligmaking. Waarop Van der Merwe na MacMaster gedraai het: “Stem jy saam, Llewellyn, dat as ons net lank genoeg met die Woord besig bly gaan ons almal saamstem?” MacMaster het gesê hy glo die Here wil hê ons moet worstel met die Woord. “Ons soek maklike maniere en dis nie altyd so nie. Ek is ’n afgetrede Sassa-dominee, maar ek leer nog elke keer as ek die Bybel oopmaak.”

Minister paai vrese rondom staatsbeheer van kerke

HELÉNE MEISSENHEIMER

“There’s a distinction between regulating unlawful conduct and regulating religion itself.”

Só het die DA parlamentslid Andrew Bateman onlangs vir ’n groep Christelike geloofs- en tradisionele leiers gesê wat in die Kasteel die Goeie Hoop saam was.

Bateman was een van 11 sprekers wat op Saterdag 3 Oktober genooi was na ’n Godsdiensvryheid Imbizo met dr Zweli Mkhize as gasspreker. Mkhize in sy hoedanigheid as voorsitter van die portefeuljekomitee van samewerkende regering en tradisionele sake (Cogta) het toesig oor die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdiensvryheid en Taalkundige Gemeenskappe (CRL-Regskommis-sie). Die SAUK het ook ’n kameraspans daar gehad.

Die minister het die versekering gegee dat die regering, ingesluit sy party, die ANC, geloofsvryheid en vryheid

van uitdrukking soos verskans in die Grondwet as “sacrosanct” (heilig) sien.

Buite het ’n sterk Suidooster by tye so hard gewaai dat die emosionele betoë moeilik hoorbaar was. Sentraal tot hierdie drieuurlange gesprek was die kommer van sommige Christelike organisasies sowel as politieke partye dat die uitkoms van die CRL-Regskommis-sie se taak, naamlik om klagtes van uitbuiting en ongerymd-hede by sommige kerke te ondersoek en gedragsraamwerke te ontwikkel, sou kon uitloop op ’n scenario waar gelowiges se grondwetlike vryhede wetlik ingeperk word.

Die ACDP se eerw Kenneth Meshoe het byvoorbeeld verwys na ’n onlangse voorval waar ’n Finse parlamentslid wat op sosiale media gesê het homoseksualiteit is sonde volgens die Bybel voor die hof gedaag is. Sy vraag aan die gehoor en die minister was “sal so iets ooit in Suid-Afrika gebeur?”

In Suid-Afrika dui die nuutste sensus daarop dat sowat 85% van

inwoners as Christene identifiseer terwyl in Finland die syfer tussen 62% en 64% lê.

Die ACDP-leier was nie al een wat hieroor bekommerd was nie. Op hierdie oggend was die verenigende krag van so ’n gedeelde kommer sigbaar ten spyte van die teenwoordiges se diverse agtergronde. Biskoppe, apostels, pastore, tradisionele hoofde en politieke afgevaardigdes was dit almal eens. Kerke en geloofstradisies moenie deur die staat gereguleer word nie. Soos verwoord deur biskop Thom Thamaga: “We must protect both the public and religious freedom. Protecting people from exploitation and criminality whilst protecting freedom of religion are not competing objectives. Our constitutional democracy must be faithful of doing both.”

Die gespreksgeleentheid kom na maande van toenemende spanning tussen sommige Christelike groepe en die CRL-Regskommis-sie met hofgedinge en optogte wat reeds uit protes gemaak is. In Januarie het prof Musa Xulu, voorsitter van die kommissie se

komitee van ondersoek (ingevolge Artikel 22) bedank en “ernstige onreëlmatighede” en “intimidasie” gelys as van die redes vir sy besluit soos berig in *Kerkbode*. Tydens sy spreekbeurt van bykans 50 minute het dr Mkhize verskoning gevra dat sy departement so lank neem om te reageer op die etlike klagtes wat oor die CRL-Regskommis-sie ontvang is.

Met verwysing na die waardering wat daar is vir die groot rol wat godsdiensvryheid gespeel het tydens apartheid en daarna as bemiddelaars in gesprekke het hy gesê hy is seker ook in hierdie saak sal daar tot ’n ooreenkoms gekom kan word.

Die Algemene Sinode Moderamen (ASM) het in Maart vanjaar in ’n verslag opgesom wat die NG Kerk se bekommernisse oor staatsbeheer van godsdiensvryheid is asook die wyse waarop die NG Kerk inspraak het op die werksaamhede van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdiensvryheid en Taalkundige Gemeenskappe (CRL-Regskommis-sie).



NG Gemeente Velddrif
Visser van mense...

VAKATURE VIR 'N VOLTYDSE LERAAR

Velddrif is 'n groeiende plattelandse vissersdorp langs die monding van die Bergrivier, sowat 130 km noord van Kaapstad. Velddrif is 'n gesogte aftreedorp en bestaan hoofsaaklik uit afgetredenes, boere, besigheids- en sakelui en mense direk of indirek verbonde aan die visbedryf. Die welbekende Bokkomlaan is een van vele gewilde toerisme-atraksies in die omgewing. Ons buurdorp Vredenburg (25 km ver) beskik oor 'n goeie privaathospitaal met oa 'n moderne onkologie-afdeling. Hier is ook verskeie permanente spesialiste.

Die gemeente bestaan uit 720 belydende en 168 dooplidmate saamgestel uit 'n verskeidenheid mense van alle ouderdomme.

Ons is 'n inklusiewe en gasvrye geloofsgemeenskap wat daarna streef om almal welkom te laat voel. Die jeugbediening is aktief met kategese, JKJA, en BKJA. Die gemeente neem haar missionale taak ernstig op en is by verskeie uitreike plaaslik en in die omgewing betrokke. Verskeie Bybelstudiegroepe kom weekliks bymekaar.

Ons vertrou die Heilige Gees vir 'n leraar wat sterk geroepe voel om aansoek te doen en wat saam met die leiers en die gemeente die toekoms binnegaan.

LERAARSPROFIEL: Enige gelegitimeerde predikant van die NG Kerk.

VERGOEDING: Volgens sinodale riglyne van die Algemene Sinode van die NG Kerk in SA. 'n Ruim pastorie is beskikbaar.

AANSOEK: Deel u hart en vaardighede met ons in 'n CV van nie meer as vier (4) bladsye nie en verskaf die kontakbesonderhede van drie (3) referente om dit te ondersteun. E-pos adres: skriba@ngkerkvelddrif.co.za

SLUITINGSDATUM: Vrydag 6 November 2026 om 12:00.

DIENSAANVAARDING: So spoedig moontlik.

NAVRAE:

Gerber Basson (voorsitter van die kerkraad) 083 978 3120.
Johann Kotzé (voorsitter DVK) 072 637 2942.
Ds Richard Holloway (konsulent) 082 773 0397.

Die kerkraad behou die reg voor om geen van die aansoekers aan te stel nie.

NG KERK MEYERTONPARK

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

Dit is met biddende en opgewonde harte wat ons uitsien om 'n leraar te ontvang.

Gemeenteprofiel:

- Die gemeente is geleë in die Midvaal Munisipaliteit as deel van die Vaaldriehoek-omgewing.
- Ons gemeente se leuse is: LEEF VIR DIE KONING.
- As huisgesin van Christus streef ons om sy liefde teenoor mekaar en die samelewing uit te leef.
- Ons jaarlikse lentefeese, oesfeese, gholf- en rolbaldae lê ons na aan die hart.
- Deur ons maandelikse voedingskema spreek ons die groot behoefte in ons gemeenskap aan.
- Ons is dankbaar oor 'n funksionerende kerkraad van ouderlinge en diakens wat die nodige leiding gee en toegewys is aan 17 wyke versprei oor die Midvaal-gebied.
- Hier is uitstekende laer- en hoërskole en ons is opgewonde oor die groei en ontwikkeling in ons area.
- Ons is tans ongeveer 363 belydende lidmate en 60 dooplidmate.

Leraarsprofiel:

- 'n Toegewyde, entoesiastiese gelowige wat erns maak met gebed.
- Skrifgetroue en toepaslike prediking.
- Goeie menseverhoudings.
- Leiding gee binne spanverband.
- 'n Gawe om mense te inspireer en te bemoedig.
- Bekwaam en entoesiasties oor jeugbediening.
- Senior lidmate pastoraal versorg.
- Passievol en pligsgetrou.

Pligte volgens Artikel 9 van die Kerkorde.

Vergoeding:

- Onderhandelbaar met die sinodale skale en voordele as riglyn.
- 'n Ruim pastorie is beskikbaar vir bewoning (swembad en lapa ingesluit).

Navrae: Hennie Troskie: 082 322 6405. Mariette Barnard: 082 494 9846.

Sluitingsdatum: 11 Januarie 2027.

Belangstellendes word genooi om 'n CV voor of op Maandag 11 Januarie 2027 te stuur na: Linda Roos (skriba/kassier): meyer-tonpark@absamail.co.za.

Die kerkraad behou hom die reg voor om geen aanstelling te maak uit aansoeke ontvang nie.

NG KERK LUX DEO

Die kerkraad van NG Kerk Lux Deo wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

VAKATURE: VOLTYDSE VASTETERMYN LERAARSPOS

Sluitingsdatum: 20 November 2026.

Dienstermyn: Drie jaar met die opsie om te verleng.

Gemeenteprofiel:

Lux Deo NG Kerk is geleë in Arconpark en Sonlandpark woonbuurte, Vereeniging, en is deel van die Vaaldriehoek en Goudland Sinode. Die gemeente is in 'n stabiele woonbuurt geleë met 'n lidmaatskap van 785 lede, waarvan 669 volwasse en 116 dooplidmate is, met 'n gemiddelde ouderdom van 45 jaar. Arconpark woonbuurt bestaan meestal uit professionele lidmate, terwyl Sonlandpark woonbuurt meestal uit bejaarde lidmate bestaan. Die gemeente word deur 'n gemeentebestuurder bestuur sonder enige wyksbediening. Die gemeente se boustene is gegrond op die suiwer verkondiging van die Woord, pastorale versorging en diens aan mekaar en die gemeenskap.

Leraarsprofiel:

Kandidate sal op die volgende vereistes gemeet word:

- 'n Erkende teologiese kwalifikasie en gelegitimeer.
- Alle ouderdomsgroepe is welkom om aansoek te doen, hoewel met die onderhoude sal die gemiddelde ouderdomsprofiel van die gemeente in gedagte gehou word.
- Ervaring van bediening aan al die verskillende generasie (met spesifieke fokus op jeug- en gesinsbediening).
- Sterk interpersoonlike en spanverbandvaardighede.
- 'n Goeie prediker en fasiliteerder.
- Sterk administratiewe vaardighede.
- Tegnologie vaardig (aanbiedings, opnames, digitale bediening).

Pligte:

- Van die kandidaat word verwag om al die normale leraarspligte volgens Artikel 9 van die Kerkorde en soos omskryf in die dienskontrak van die gemeente, te doen.

Vergoeding en voordele:

- 'n Pakket van R400 000,00 pj (TKVI - totale koste van indiensneming) word aangebied.

Aansoek:

Leraars wat in die pos belangstel, word versoek om die volgende aan die kerkraad voor te lê:

- Volledige CV met drie onlangse referente.
- 'n Twee-minuut bekendstellingsvideo via Whats App waarin u self en u gesin bekendstel en deel waarom u aansoek doen.
- Kandidaat moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt.
- Moet bereid wees om 'n persoonlikheidsanalise te ondergaan.

Diensaanvaarding: 1 Februarie 2027.

Navrae:

Stuur navrae, CV en video na: Marlene Trollip by ontvangs@luxdeongk.co.za en 084 623 0401/016 428 3508.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode: Viona Ross

Tel 021 864 8278, E-pos: vionatydskrifte.co.za.

Besoek www.kerkbode.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur:

Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Uitvoerende joernalis:

Helene Meissenheimer
E-pos: helene@bmedia.co.za

Proefleser:

Lambert Jacobs

Projekkoördineerder

Maryke Hansen
E-pos: maryke@bmedia.co.za

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Tel 072 357 8914
E-pos: vakatures@tydskrifte.co.za
Medewerker
Mercial Adonis
madonis@bmedia.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

E-pos: kerkbode@tydskrifte.co.za



NG Paardekraal-Monument
Geroep om te aanbid

VASTETERMYN VOLTYDSE KONTRAK (DRIE JAAR)

Sluitingsdatum vir aansoeke is 6 November 2026

In biddende afhanklikheid van die Here stel die kerkraad van NG Gemeente Paardekraal-Monument in Krugersdorp (Wesrand) bogenoemde vakature bekend en nooi gelegitimeerde leraars van die NG Kerk uit om vir die pos aansoek te doen.

Die kerkraad skep hiermee, in ooreenstemming met Reglement 16 van die Kerkorde van die NG Kerk, 'n voltydse vastetermynpos vir 'n tydperk van drie (3) jaar.

Ons is op soek na 'n leraar met 'n pastorale hart en gevestigde bedieningservaring wat saam met ons:

- na God wil luister;
- geestelike onderskeiding wil beoefen;
- in geloof wil groei;
- mense wil toerus vir dienswerk;
- en 'n missionale leefwyse wil uitleef.

Gemeenteprofiel

NG Gemeente Paardekraal-Monument is 'n tradisionele, toegewyde NG gemeente wat lief is vir die Here. Ons groei in geloof deur die Here se leiding en glo dat ons uit die ervaringe op ons pad kan leer. Ons bly nederig om by God en mekaar te leer, in liefde te groei en mekaar op te bou in ons geloofsreis sodat die wêreld Christus deur ons kan leer ken. Verdere geloofsgroei word gestimuleer deur die uitbreiding van kleingroepe en Bybelstudiegroepe.

Prediking moet God se Woord vir mense toeganklik maak en daarom Skrifgetrou, deurleef, toepaslik en aktueel wees om by te dra tot geloofsvorming en -verdieping. Gepaste musiekbediening as deel van lofprysing is vir ons belangrik. Ons begeleiding wissel van tradisionele orrelspel tot Clavinova en kitaar.

'n Groot aantal van ons lidmate is ouer en het behoefte aan pastorale bediening en persoonlike kontak. Die leierskap is jonk, passievol en dinamies.

Gemeentebetrokkenheid vind plaas deur vrouediensaksies, Bybelstudie en barmhartigheidsprojekte.

Ons missionale hartklop vind praktiese neerslag in die voorsiening van weeklikse maaltye aan inwoners van Appelpark, die maandelikse verskaffing van toiletware aan Tower of Life-manskouling en Luipaardsvlei Tehuis vir Bejaardes, asook die ondersteuning van die kinders van Bethany House deur onder andere fondsinsamelingsprojekte.

Ons is 'n sosiale gemeente wat graag saam kuier, soos gesien in die entoesiastiese bywoning van ons sop-en-sjerrie-aande, pretaande, basaar, opelug nagmaal en saamkuier oor 'n koppie tee na die diens.

Bedieningsfokus van die vastetermynpos

Die fokus van die vastetermynpos is:

- Skrifgetroue Woordbediening;
- pastorale versorging en teenwoordigheid;
- geloofsvorming en dissipelskap;
- ontwikkeling van kleingroepe en gemeentebou;
- toerusting van gelowiges vir dienswerk;
- en verdieping van die gemeente se missionale betrokkenheid.

Leraarsprofiel

Ons soek 'n leraar wat:

- 'n opregte, lewende en persoonlike verhouding met die drie-enige God het wat sigbaar word in Woordbediening, pastorale sorg en die toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk in die wêreld;
- gemaklik in spanverband saamwerk met die kerkraad en bestaande gemeentebediening;
- inisiatief neem om nuwe bedieningsgeleenthede te ontwikkel en voortbou op die bestaande karakter van die gemeente;
- alle pligte soos uiteengesit in Artikel 9 van die Kerkorde sal nakom.

Ervaring as enkelleraar in 'n gemeente sal tot aanbeveling strek.

Algemene Inligting

Vergoeding: Tot en met kernvlak ses (ATP-riglyne) – onderhandelbaar volgens sinodale riglyne. Pastorie: Beskikbaar.

Gelegitimeerde leraars word genooi om aansoek te doen. Alle aansoeke sal nagegaan word om te verseker dat aan die vereistes van die Kerkorde voldoen word.

Vra asseblief 'n aansoekvorm aan by die voorsitter van die pre-advies kommissie, Cornell Solomon (cornellsolomon2@gmail.com) en stuur die voltooië vorm saam met 'n verkorte CV (maksimum drie bladsye) na dieselfde eposadres.

Navrae

Voorsitter van die pre-advieskommissie: Cornell Solomon 083 388 3999.
Voorsitter van die kerkraad: Janus de Jager 082 855 9908.

POPIA-verklaring

Deur vir hierdie pos aansoek te doen en jou CV saam met die aansoekvorm in te dien, bevestig jy dat jy jou persoonlike inligting vrywillig verskaf het en dat die inligting volledig en akkuraat is.

Die Pre-Advieskommissie van NG Gemeente Paardekraal-Monument onderneem om, in ooreenstemming met die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 (POPIA), hierdie inligting slegs te gebruik met die oog op die aanstelling van 'n leraar in die gemeente. Die inligting sal nie aan enige derde partye bekend gemaak word nie.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van Kerkbode nie.

**Die volgende
Kerkbode
verskyn op
27 November 2026**

VAKANSIE-AKKOMMODASIE

**JEFFREYSBAAI
SANDKASTEEL**

2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

OUDTSHOORN

THE GATSBY STUDIO
Selfsorg vir twee. Sentraal geleë, volle DSTV en veilige parking.

WhatsApp: 062 012 2694
E-pos: thegatsbystudio@gmail.com

**GROOTBRAK
TERGNIET**

Huis vir ses persone, woonstel vir vier op een erf. See-uitsig. Huis nie beskikbaar vanaf 23 Des tot 4 Jan. Huis en woonstel verder beskikbaar vanaf 1 Nov. Kontak 073 738 8801.

NG GEMEENTE PHILIPPOLIS
**VAKATURE: LERAAR
VASTETERMYNPOS VIR TWEE JAAR**
WIE IS ONS

NG Gemeente Philippolis is geleë in Philippolis, die oudste nedersetting in die Vrystaat – 'n karaktervolle Suid-Vrystaatse dorp waar 'n ryk geskiedenis en die lewe van vandag op 'n besondere manier bymekaarkom. Ons bediening strek oor die dorp en omliggende plase.

Ons is 'n klein plattelandse gemeente met diep wortels in hierdie gemeenskap. Ons koester dit wat oor baie jare hier opgebou is, maar leef ook met die uitdagings en nuwe moontlikhede van gemeentewees in 'n veranderende konteks.

DIE BEDIENING

In biddende afhanklikheid wag die kerkraad aansoek in van 'n gelegitimeerde predikant van die NG Kerk wat die ampspligte volgens Artikel 9 van die Kerkorde sal verrig. Emeriti wat steeds met energie en entoesiasme in die bediening wil staan, is ook welkom om aansoek te doen.

'n Besondere deel van die bediening is Bergmanshoogte, 'n wyk van NG Gemeente Philippolis wat met 'n eie wykskerkraad en eie eredienste funksioneer. Die leraar is ook verantwoordelik vir gereelde Woord- en sakramentbediening en begeleiding van die wykskerkraad.

Ons soek 'n leraar wat lief is vir mense en tuis kan wees binne 'n plattelandse gemeenskap; wat waarde heg aan Woordverkondiging, pastorale versorging en persoonlike kontak met dorp- en plaaslidmate. Wat lidmate kan toerus en aanmoedig om hulle gawes uit te leef. Ons soek ook iemand wat sensitief oor historiese, kulturele en gemeenskapsgrense heen kan bedien en met kreatiwiteit en hoop saam met die gemeente kan dink oor getroue en volhoubare bediening.

DIENSTERMYN EN VERGOEDING

Die pos is 'n vastetermynpos vir twee jaar, met die moontlikheid van verlenging vir 'n derde jaar, volgens die toepaslike kerkordelike bepalings.

Die vergoedingspakket is op aanvraag beskikbaar en sluit onder andere 'n ruim pastorie in. Die samestelling van die pakket en diensvoorwaardes sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

AANSOEKE

Aanzoekers word versoek om die volgende in te dien:

- 'n Bondige CV van hoogstens drie bladsye.
- 'n Motivering van hoogstens 500 woorde waarin die kandidaat iets vertel van sy/haar roeping, bedieningservaring en belangstelling in die bediening binne 'n kleiner plattelandse gemeente
- Kontakbesonderhede van drie referente.
- 'n Skakeling na 'n onlangse preek, indien beskikbaar.

Stuur aansoek na: ngphil@vodamail.co.za

SLUITINGSdatum: 20 NOVEMBER 2026.

DIENSAANVAARDING: 1 Februarie 2027 (onderhandelbaar).

NAVRAE: Ds LJ Scheepers – 072 115 0057. Oudl N JV Rensburg – 083 229 2976.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n beroep uit die ontvangde aansoek uit te bring nie.

NG SUIKERBOS

(Drie Riviere-Oos, Vereniging)

VOLTYDSE LERAAR

Geleentheid vir afgestudeerde proponent

Voltyds drie jaar (met die moontlikheid om te onderhandel na die voltooiing van die periode vir 'n verdere termyn wat 'n permanente aanstelling kan wees)

In diepe afhanklikheid wag ons aansoek in om as predikant in ons gemeente aangestel te word.

Die ideale kandidaat moet bereid wees om in 'n dinamiese gevestigde gemeente saam te werk tot eer van God en sy koninkryk. 'n Vereiste is dat ons suksesvolle kandidaat met oorgawe Artikel 9 van die Kerkorde natuurlik moet uitleef. Dit is vir ons gemeente belangrik om hierdie eienskap as ononderhandelbaar te sien.

Daarmee saam verwag ons innovasie en energie van ons toekomstige leraar ter ondersteuning van die doelwitte en behoeftes van ons gemeente. Vir hierdie rede is ons op soek na proponente wat oor die nodige wil en deursettingsvermoë beskik om God se wil in Suikerbos-gemeente uit te leef.

Die doelwit vir hierdie advertensie is om slegs afgestudeerde en geligitimeerde proponente te oorweeg.

Die gemeente onderneem om:

'n Vergoedingspakket wat strook met die NG Kerk se voorskrifte aan te bied. Wat ons bereid is om te doen is om die vergoedingspakket binne perke aan te pas by die behoeftes van ons toekomstige leraar.

Indien u "Ja" kan antwoord op die volgende vier vrae, wil ons baie graag en dringend met u gesels:

1. Ek is 'n behoorlike gekwalifiseerde en gelegitimeerde proponent van die NG Kerk.
2. Ek is tans in diens van 'n gemeente as diensleraar/proponent wat kwalifiseer om as predikant van die NG Kerk aangestel te word.
3. Ek berus myself by die uitleef van Artikel 9 soos voorgeskryf deur die Kerkorde van die NG Kerk.
4. Ek is onmiddellik beroepbaar vir die NG kerk.

Aanstellingsdatum: So spoedig moontlik

Sluitingsdatum vir hierdie uitnodiging: 6 November 2026.

Wees asseblief so gaaf en voorsien ons van u CV met stawende dokumente en indien beskikbaar "A portfolio of evidence" wat u studies en loopbaan tot nou toe opsom en bevestig.

Ons sien uit om u besonderhede te ontvang deur dit te stuur na ngksb@lantic.net .

Vir navrae skakel Mariska Botha by 072 110 9719.

Die kerkraad behou die voorreg indien nodig om nie 'n aanstelling uit die aansoek ontvang te maak nie.



Hierdie kennisgewings is op
23 Oktober 2026 opgedateer.

Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za

BEROEP

Ds AS (Armandt) Botha van NHK Groeneweide, Boksburg na Fraserburg; ds A (Alida) du Plessis van Elspark na Zeerust; ds F duT (Floris) Lategan van Grootrivier na Upington-Noord; ds K (Karlie) Liebenberg na Bredasdorp; prop MJ (Thys) Lourens vroeër van GKSA Nelspruit as tentmaker na Barberton; ds FE (Frikkie) Marais van Napier na Wakkerstroom; ds R (Ruan) Nieuwenhuizen van Somerset-Oos na Uitenhage-Noord; ds M (Mia) Oliver van Sonstraal na Helderberg; prop T (Tiaan) Pretorius van Saldanha na Lux Deo Arconpark; prop N (Natasha) ten Krooden as dienslraar na Vanderkloof, Petrusville en Petrusville-Uitsig; ds SE (Edwin) van Wyk van Randpoort na Stad op die Berg (Louis Trichardt); dr LJ (Leon) Venter van Graafwater na Boshof.

AANVAAR

Ds L (Lisa) Holtzhausen van Ellisras-Wes na Kamieskroon; ds JGE (Deon) Koegelenberg van Murray-De Doorns na Boksburg-Wes; Dr P (Pieter) Kruger van Witfield na Hoëveld Sinode as algemene kantoorbestuurder; dr DJ (Danie) Langner van Lyttelton na Mōregloed; ds K (Karlie) Liebenberg na Bredasdorp; prop MJ (Thys) Lourens vroeër van GKSA Nelspruit as tentmaker na Barberton; dr BP (Bennie) Marais van Charl Cilliers na Luckhoff; ds FE (Frikkie) Marais van Napier na Wakkerstroom; ds R (Ruan) Nieuwenhuizen van Somerset-Oos na Uitenhage-Noord; prop N (Natasha) ten Krooden as dienslraar na Vanderkloof, Petrusville en Petrusville-Uitsig; dr LJ (Leon) Venter van Graafwater na Boshof; ds FC (Tiaan) Victor van Standerton-Wes na Die Strand.

BEDANK

Ds D (Dylan) Allen van Bothaville vir Lydenburg-Suid; prop T (Tiaan) Pretorius van Saldanha vir Lux Deo Arconpark.

WES-KAAPLAND

BEROEP

Ds Armandt Botha van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Groeneweide is op die kerkraadsvergadering van 17 Sep 2026 van NG Kerk Fraserburg beroep. (Mariet van Wyk, skriba/kassier: NG Kerk Fraserburg, 05.10.2026).
Ons wil *Kerkbode* in kennis stel dat ons gemeente op 22 September 2026 'n beroepingsvergadering gehou het, waartydens ds Mia Oliver beroep is as leraar vir Helderberg, Somerset-Wes. (Marisa Viljoen, predikanteoordineerder: NG Kerk Helderberg-gemeente, 01.10.2026).

BEVESTIGING

Ds Karlie Liebenberg is op 30 Augustus 2026 beroep na die NG Gemeente Bredasdorp in 'n deeltydse leraarspos. Sy het die beroep aanvaar en is op 13 September 2026 tydens 'n erediens in die gemeente bevestig. (Ds Pieter Nel, skriba: Ring van Caledon, 18.09.2026). Ds Lisa Holtzhausen is op Sondag 04 Oktober 2026 by ons in NG Kerk

Kamieskroon bevestig. Sy is deur ds Piet Retief van Garies NG Kerk, ons konsulent, bevestig. Sy was voorheen by Ellisras-Wes NG Gemeente in Ellisras. Sy is nou by ons gemeente in 'n deeltydse (60%) termynpos vir twee jaar as Verbi Divini Minister (VDM) aangestel. (AE (Koekoes) van As, diaken: NG Kerk Kamieskroon, 06.10.2026).

Ds Tiaan Victor van NG Gemeente Standerton-Wes is op Sondag 4 Oktober bevestig as leraar van NG Gemeente Die Strand. Dr Danie O'Kennedy het die bevestiging waargeneem. (Elrise Myburgh, lidmate/ontvangs: NG Gemeente Die Strand, 06.10.2026).

Hiermee gee Kamieskroon NG Kerk kennis dat ds Lisa Holtzhausen DV op 4 Oktober 2026 bevestig is as predikant van die gemeente en sy het ook dan haar intreepreek gelewer. (Studentbedienaar AE (Koekoes) van As, ringskriba: Ring van Namakwaland, 22.09.2026).

Ds HF (Heinrich) Niehaus van die NG Gemeente Laingsburg is op 6 September 2026 as predikant van die NG Gemeente Gordonsbaai bevestig. Ds Mareli Niehaus het hom met handoplegging as leraar bevestig. (Sanette Strydom, kantoorbestuurder/skriba: NG Gemeente Gordonsbaai, 18.09.2026).

RINGSITTING

Die Ring van Namakwaland het kennis gegee dat die ring se sewe en vyftigste gewone ringsvergadering op Saterdag 10 Oktober 2026 te Boesmanland NG kerkzaal in Springbok plaasgevind het. (Studentbedienaar AE (Koekoes) van As, ringskriba: Ring van Namakwaland, 22.09.2026).

Die Gesamentlike Ring van Caledon het op 7 September 2026 sy ringsitting by die NG Gemeente Caledon-Moedergemeente gehou. (Ds Pieter Nel, skriba: Ring van Caledon, 18.09.2026).

OOS-KAAPLAND

BEROEP

Die gemeenteraad van NG Kerk Uitenhage-Noord het op 14 September 2026 vir ds Ruan Nieuwenhuizen van NG Kerk Somerset-Oos as predikant beroep, met diensaanvaarding 1 Maart 2027. (Rina Wait, saakgelastigde: NG Kerk Uitenhage-Noord, 18.09.2026).

AANVAAR

Ds Ruan Nieuwenhuizen van Somerset-Oos het die beroep na Uitenhage-Noord aanvaar met diensaanvaarding op 1 Maart 2027. (Rina Wait, saakgelastigde: NG Kerk Uitenhage-Noord, 12.10.2026).

NOORD-KAAPLAND

SINODESITTING

'n Gewone sinodesitting van die NG Kerk in Noord-Kaapland is gehou vanaf Maandag 12 Oktober 2026 tot Donderdag 15 Oktober 2026 te Kimberley, in die kerkzaal van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Kimberley-Vooruitsig. (Ds Christo Jonck, predikant in sinodale diens: NGK in Noord-Kaapland, 06.03.2026).

BEROEP

Die Ring van Hanover wil u graag in kennis stel dat dienslraar Natasha ten Krooden as bruglraar beroep is in die Ring van Hanover vir Vanderkloof, Petrusville en Petrusville-Uitsig gemeentes. (Madeleine Hattingh, skriba: Ring van Hanover, 07.10.2026).
Neem asb kennis dat die kerkraad vir ds Floris du Toit Lategan van Grootrivier beroep het na NG Upington-Noord. (Sonnette Lind, skriba: NG Kerk Upington-Noord, 07.10.2026).

AANVAAR

Die Ring van Hanover is baie dankbaar om te bevestig dat ds Natasha ten Krooden die beroep as brugpredikant na die Ring van Hanover aanvaar het om diens te doen in die volgende gemeentes: Vanderkloof, Petrusville Uitsig en Petrusville. Sy tree op 1 Januarie 2027 aan om die drie gemeentes te begelei in verskeie brugbedieningsprosesse. (Madeleine Hattingh, skriba: Ring van Hanover, 12.10.2026).

VRYSTAAT

AANVAAR

Hiermee wil ek u graag in kennis stel dat dr Leon Venter van NG Gemeente Graafwater die beroep na NG Kerk Boshof aanvaar het. Sy intreepreek was op 4 Oktober 2024 in die NG Kerk Boshof. (Mary Janse van Rensburg, skriba: NG Kerk Boshof, 25.09.2026).

BEVESTIGING

Dr Bennie Marais is op 10 Oktober 2026 bevestig by NG Kerk Luckhoff deur ds Mias Nortier (voorsitter van die Ring van Fauresmith). (Ds Mias Nortier, voorsitter: Ring van Fauresmith, 15.10.2026).

EMERITAAT

Ds Frans Lodewyk Steenkamp van NG Gemeente Warden emeriteer op 29 November 2026. Die nuwe leraar ds Izanne Ellis se bevestiging sal plaasvind op 6 Desember 2026. (Marga Smit, skriba: NG Gemeente Warden, 20.10.2026).

GOUDLAND

BEROEP

Hiermee gee ons kennis dat, op ons kerkraadsvergadering van 13 September 2026, ds Alida du Plessis, van NG Gemeente Elspark, beroep is na NG Gemeente Zeerust. (Zelle-Marie Martens, skriba: NG Gemeente Zeerust, 18.09.2026).

BEDANK

Hiermee stel ons u in kennis dat prop Tiaan Pretorius van NG Saldanha deur Lux Deo NG Kerk Arconpark beroep is na ons gemeente op 2 September 2026. Prop Tiaan het die beroep van die hand gewys op 30 September 2026. (Marlene Trollip, administratiewe beampte: Lux Deo NG Kerk Arconpark, 13.10.2026).

NOORDELIKE

SINODESITTING

Die gewone sinodevergadering van die Noordelike Sinode was van 18 tot 22

Oktober 2026 te Weesgerus, Modimolle. (Elmarie Jooste, kommunikasiebeampte: Noordelike Sinode, 23.09.2026).

BEROEP

Ds Edwin van Wyk, van die NG Kerk Randpoort in Randfontein, is tydens 'n kerkraadsvergadering, gehou op 30 Augustus 2026, beroep na die NG Stad op die Berg Gemeente (Louis Trichardt Moedergemeente) as medeleraar. (Ds Jan Pretorius, voorsitter kerkraad: NG Stad op die Berg Gemeente, 17.09.2026).

AANVAAR

Dr Danie Langner het die beroep na NG Gemeente Mōregloed aanvaar. Hy is op Sondag, 4 Oktober, bevestig in die gemeente. (Ilse van Hemert, skriba: NG Gemeente Mōregloed, 28.09.2026).

HOËVELD

AANVAAR

Ds Johannes Gideon Engelbrecht (Deon) Koegelenberg is beroep vanaf NG Gemeente Murray, De Doorns na NG Gemeente Boksburg-Wes en het die beroep aanvaar. (Annetjie van der Berg, gemeentebestuurder: NG Gemeente Boksburg-Wes, 02.10.2026).

OOSTELIKE

BEROEP

Graag stel ons julle in kennis dat op die kerkraadsvergadering van 17 Sep 2026, van NG Kerk Wakkerstroom, ds Frikkie Marais van Napier beroep is. (Jeandre Landman, kantoorbestuurder: NG Kerk Wakkerstroom, 18.09.2026).

AANVAAR

Dit is met groot opgewondenheid en dankbaarheid dat ons julle in kennis stel dat ds Frikkie Marais van Napier die beroep na NG Gemeente Wakkerstroom aanvaar het. (Jeandre Landman, kantoorbestuurder: NG Kerk Wakkerstroom, 05.10.2026).

BEVESTIGING

Op Sondag 13 September 2026 is proponent Thys Lourens as leraar bevestig in 'n tentmakerspos te NG Kerk Barberton. (Johannes van der Merwe, skriba: Ring van Barberton, 21.09.2026).
Dr Pieter Kruger van Witfield is op Sondag 18 Oktober 2026 in 'n gekoppelde predikantspos bevestig wat verband hou met sy diensaanvaarding as algemene kantoorbestuurder van Sinode Hoëveld. Die bevestiging is deur ds Robert Geyser waargeneem. (Lennet Faurie, kantoorbestuurder: NG Witfield, 22 Oktober 2026).

BEDANK

Hiermee kennis dat ds Dylan Allen van NG Bothaville die beroep bedank het na NG Lydenburg-Suid. (Lené Nel, kerkkantoor: NG Lydenburg-Suid, 22.09.2026).